


BEROEPSKEUSES VAN STUDENTE

deur

F. VAN ZYL SLABBERT



Skripsie goedgekeur ter verkryging van die  
graad van Magister in Sosiologie aan  
die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Dr. D.D. Joubert

Stellenbosch

Maart 1964

DANKBETUIGING

Graag betuig die skrywer sy opregte dank aan  
die volgende persone:

Dr. D.D. Joubert wat as promotor opgetree  
het. Sy besondere belangstelling en be-  
kwame leiding het hierdie skrywe moontlik  
gemaak.

Prof. S.P. Cilliers vir sy inspirasie en  
hulp deur streng maar opbouende kritiek.

Mev. Van Heerden wat met gewaardeerde ge-  
duld en bekwaamheid die tikwerk behartig  
het.

Van Zyl Slabbert

Stellenbosch  
Maart 1964

## INHOUDSOPGawe

### I. INLEIDING: PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSOPROSEDURE

Par. 1	Navorsing oor Beroepskeuses .....	1
Par. 2	Doelstelling en Omvang van Ondersoek ...	8
Par. 3	Relevante Veranderlikes en hulle Inhoud	8
Par. 4	Procedure van Ondersoek .....	18

### II. BEROEPSKEUSES EN BEROEPSIDEALE

Par. 1	Inleidend .....	20
Par. 2	Studierigtings .....	22
Par. 3	Beroepskeuses volgens Beroepsgroep, Beroepsoriëntasie en Bedryf .....	26
Par. 4	Beroepsideale van Studente .....	32
Par. 5	Samevatting .....	35

### III. BEROEPSKEUSES EN MAATSKAPLIKE OMSTANDIGHEDE

Par. 1	Inleidend .....	38
Par. 2	Beroepskeuses, Opvoedkundige Peil, Beroep en Inkomste van die Gesin van Oriëntasie .....	40
Par. 3	Beroepskeuses en Gesinsamestelling ....	44
Par. 4	Beroepskeuses en Ekologiese Herkoms ....	45
Par. 5	Persoonlike Beïnvloeding en Beroeps- ideale van die Ouers vir die Student ...	53
Par. 6	Beroepskeuses en Verskille in Beroep- status tussen Generasies .....	62
Par. 7	Samevatting .....	68

#### IV. BEROEPSKEUSES EN OORWEGINGS

Par. 1 Inleidend .....	71
Par. 2 Die Relatiewe Belangrikheid van Oorwegings .....	74
Par. 3 Oorwegings en die Bedryf van die Keuse- beroep van Studente .....	79
Par. 4 Oorwegings en die Beroepsoriëntasies van Studente .....	85
Par. 5 Oorwegings en ander Veranderlikes .....	89
Par. 6 Samevatting van Bevindings i.v.m. Oorwegings .....	90
Par. 7 Empiriese Bevindings en die Kategori- sering van Oorwegings .....	91

#### V. SAMEVATTING EN INTERPRETASIE

Par. 1 Inleidend .....	94
Par. 2 Die Ekologiese en Sosio-ekonomiese Agtergrond van Studente .....	95
Par. 3 Die Verspreiding van Beroepskeuses .....	96
Par. 4 Oorwegings aangegee vir Beroepskeuses ...	97
Par. 5 Persoonlike Beïnvloeding en die Beroeps- ideale van die Ouers vir Studente .....	98
Par. 6 Die Universiteitsituasie en Beroepskeuses .....	99
Par. 7 Die Verband tussen Beroepskeuses en bepaalde Veranderlikes .....	103
TEGNIESE NOTA .....	108
BIBLIOGRAFIE .....	110
BYLAAG A .....	113
BYLAAG B .....	117

## LYS VAN TABELLE

<u>TABEL I</u>	: Spesifieke studierigtings van studente ...	24
<u>TABEL II</u>	: Beroepskeuses van studente volgens inhoud of bedryf .....	31
<u>TABEL III</u>	: Die opvoedkundige peil van die ouers van studente .....	41
<u>TABEL IV</u>	: Beroepsgroepe van studente se vaders ....	42
<u>TABEL V</u>	: Die verspreiding van studente volgens ouerhuisomgewing en hoërskoolbywoning ...	47
<u>TABEL VI</u>	: Die opvoedkundige peil van die vaders volgens die herkoms van studente .....	48
<u>TABEL VII</u>	: Die beroepsgroepe van die vaders volgens die herkoms van studente .....	49
<u>TABEL VIII</u>	: Beroepskeuses van studente volgens ekologiese herkoms .....	53
<u>TABEL IX</u>	: Persoonlike beïnvloeding ondervind deur studente .....	55
<u>TABEL X</u>	: Die beroepsoriëntasie van studente volgens die beroepsoriëntasie van die beroepsideale van die vaders van studente ..	59
<u>TABEL XI</u>	: Die beroepsoriëntasie van studente volgens die beroepsoriëntasie van die beroepsideale van die moeders van studente..	60
<u>TABEL XII</u>	: Die studente se evaluasies van die maatskaplike status van die gesin van oriëntasie volgens beroepsgroepe .....	64

<u>TABEL XIII</u> : Die oordeel van studente oor inter-generasie-verskille in beroepstatus volgens beroepsgruppe .....	65
<u>TABEL XIV</u> : Die werklike intergenerasie-verskille in beroepstatus volgens die beroeps-groepe van studente .....	66
<u>TABEL XV</u> : Studente se oordeel oor die belangrik-heid van oorwegings .....	75
<u>TABEL XVI</u> : Die frekwensie waarmee elkeen van die oorwegings as 1ste, 2de en 3de belang-rikste oorweging vir beroepskeuses ge-rangskik is .....	77
<u>TABEL XVII</u> : Oorwegings volgens bedryf waarin keuse-beroep val .....	81
<u>TABEL XVIII</u> : Oorwegings volgens die oriëntasie van die keuseberoep .....	86

---

## HOOFSTUK I

### INLEIDING:

#### PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSPOROSEDURE

##### Par. 1 Navorsing oor Beroepskeuses

Ekonomiese aktiwiteite word in die huidige industriële samelwing gekenmerk daardeur dat dit in steeds groter mate vervul word in formeel georganiseerde werksituasies, buite die gesinsverband. Een van die belangrikste implikasies van hierdie kenmerk is die toenemende belang van die beroepsrol vir die individu. Die beroep is ook van strategiese betekenis vir die deelname van die individu aan ander nie-beroepsrolle en -situasies. In groot mate word die gesinslewe, maatskaplike status en deelname aan gemeenskapsaktiwiteite van die individu gestruktureer en beïnvloed deur die beroep wat hy beoefen. Vir 'n volledige sosiologiese begrip van mense se maatskaplike verhoudings is 'n studie en uiteensetting van die betrokke beroepe en beroepstrukture 'n voorvereiste.

Verskillende aspekte van hierdie gebied is reeds aan studie onderwerp. Kontemporêre belangstelling sentreer tans o.a. om aspekte soos die analise van beroepstrukture, vlakke van organisasie in die beroepsisteem, die aard en funksionele vereistes van spesifieke beroepe, die bestu-

dering van beroepsgroepe en werksgroepe as verwysingsgroepe, beroepsmobilitet, oriëntasies tot en die keuses van beroepe.

Die huidige ondersoek is 'n studie van lg. aspek, nl. beroepskeuses. In die algemeen handel die navorsing wat reeds oor beroepskeuses gedoen is oor die identifisering en die bepaling van die presiese invloed van sekere persoonlikheids- en maatskaplike kenmerke relevant tot die keuse van 'n beroep. In wisselende mate word daar ook probeer om die bevindings van empiriese navorsing teoreties betekenisvol te interpreteer. So bv. sien Eli Ginzberg <sup>1)</sup> die beroepskeuse van die individu as 'n proses van toenemende selfdeterminering en 'n toenemende realistiese oriëntasie van die individu tot sy omgewing namate hy volwassenheid bereik. Ginzberg onderskei drie stadia in die proses, te wete (i) 'n periode van fantasie waarin die individu nog nie bewus is of kennis dra van sy eie vermoëns nie; (ii) 'n tentatiewe periode waarin sekere "behoefte-bevredigings"oorweeg word, en (iii) 'n realistiese periode waarin die individu 'n kompromis aangaan tussen sy persoonlike begeertes en die werklike geleenthede wat daar vir hom bestaan ten opsigte van 'n beroep. M. Rosenberg <sup>2)</sup> verklaar die beroepskeuse van die individu as 'n pro-

---

1) Ginzberg, Eli: Occupational Choice, 1956, pp. 59-94.

2) Rosenberg, M.: Occupations and Values, 1957, p. 4.

ses van die progressiewe vermindering van alternatiewe keuses relevant tot 'n beroep. Sekere eienskappe van die individu, soos ras, geslag, liggaamsbou, en aspekte van die betrokke maatskaplike struktuur soos godsdienspatrone en maatskaplike status, werk mee tot die vermindering van moontlike beroepe wat die individu kan volg. Hy sê dat, hoewel hierdie eienskappe sekere beroepskeuses en -heencomes uitsluit, hulle nog nie as verklaringsgrond kan dien waarom 'n persoon besluit op 'n spesifieke beroep nie. Ten einde dit te kan bepaal, moet sekere basiese "interne eienskappe" van die individu, soos waardes, houdings en persoonlikheidsbehoeftes in aanmerking geneem word.

F.E. Katz <sup>3)</sup> neem die standpunt in dat die resultaat van die proses van beroepskeuse 'n kumulatiewe produk is van 'n reeks van spesifieke handelinge van die individu wat direk gefokus mag wees, of nie mag wees nie, op 'n spesifieke beroep. R. Payne <sup>4)</sup> kom tot die gevolgtrekking dat die proses van beroepskeuse geskied deur die individu se informele deelname aan gemeenskapslewe hoofsaaklik binne eie gesin en buurt.

---

3) Katz, F.E.: "Career Choice Processes", Social Forces, Vol. 41, 1962, pp. 149-154.

4) Payne R.: "Development of Occupational and Migration Expectations and Choices among Rural, Small Town and Urban Adolescent Boys", Rural Sociology, Vol. 21, 1956, pp. 117-125.

Twee ander navorsers, R.L. Simpson <sup>5)</sup> en H.K. Schwarzeller <sup>6)</sup> is albei van mening dat die „waardes” van die individu en persoonlike beïnvloeding wat hy ondergaan, die bepalende veranderlikes is in die proses van beroepskeuse.

Al die bestaande meer of minder teoretiese interpretasies van beroepskeuses is dit eens dat die beroepskeuse van die individu beskou moet word as 'n geleidelike proses waarin daar 'n wisselwerking is tussen sekere maatskaplike omstandighede of kenmerke, en vlakke van persoonlikheidsontwikkeling en/of persoonlike kenmerke van die individu.

'n Groot hoeveelheid van empiriese navorsingsgegewens bestaan reeds oor die verskillende maatskaplike omstandighede of kenmerke wat verband hou met beroepskeuses. Sommige van hierdie bevindings is uiteenlopend en skynbaar teenstrydig.

S.M. Lipsett <sup>7)</sup> vind bv. dat die besondere aard van landelike gemeenskappe beperkend inwerk op die beroepsaspirasies van persone van landelike herkoms wanneer hulle vergelyk word met persone van stedelike herkoms. E.G. Youmans <sup>8)</sup> en

5) Simpson, R.L.: "Values, Personal Influence and Occupational Choice", Social Forces, Vol. 39, 1960, pp. 116-125.

6) Schwarzeller, H.K.: "Values and Occupational Choice", Social Forces, Vol. 39, 1960, pp. 126-135.

7) Lipsett, S.M.: "Social Mobility and Urbanization", Rural Sociology, Vol. 20, 1955, pp. 220-228.

8) Youmans, E.G.: "Factors in Educational Attainment", Rural Sociology, Vol. 24, 1961, pp. 21-28.

L.G. Burchinal <sup>9)</sup> het tot dieselfde gevolgtrekkings gekom. Daarenteen vind A.O. Haller <sup>10)</sup> en R.M. Middleton <sup>11)</sup> dat daar geen betekenisvolle verband is tussen die beroepsaspirasie en herkoms van 'n persoon nie. Terwyl A.B. Wilson <sup>12)</sup> bevind dat daar 'n positiewe samehang bestaan tussen die beroepsaspirasies van die individu en die sosio-ekonomiese status van sy gesin van oriëntasie, waarsku La Mar T. Empsey <sup>13)</sup> dat persone van lae sosio-ekonomiese status nie sonder meer in dié verband vergelyk moet word met persone van hoë ekonomiese status nie. Hy formuleer as volg: "... there is reason to believe that relative positions should be taken into account, that is, some attention should be paid to the class level from which the individual begins, in deciding whether or not he desires to get ahead."<sup>14)</sup>

- 
- 9) Burchinal, L.G.: "Differences in Educational and Occupational Attainment of Farm, Small Town and City Boys", Rural Sociology, Vol. 26, 1961, pp. 107-121.
  - 10) Haller, A.O.: "Farm Residence and Levels of Educational and Occupational Choice", American Journal of Sociology, Vol. 62, 1957, pp. 407-411.
  - 11) Middleton, R.M.: "Rural-Urban Differences in Aspiration", Rural Sociology, Vol. 24, 1961, pp. 347-354.
  - 12) Wilson, A.B.: "Residential Segregation of Social Classes and Aspirations of High School Boys", American Journal of Sociology, Vol. 24, 1959, pp. 836-845.
  - 13) Empsey, La Mar T.: "Social Class and Occupational Aspirations: A comparison of Absolute and Relative Measurements", American Journal of Sociology, Vol. 24, 1956, pp. 703-709.
  - 14) Ibid., p. 709.

Dat al die empiriese bevindings oor die verband tussen spesifieke maatskaplike omstandighede of kenmerke, en die proses van beroepskeuse in die betrokke kontekste betekenisvol is, is nie te betwyfel nie. Die uiteenlopenheid en skynbare teenstrydigheid van sommige van hierdie bevindings moet ten minste deels verklaar word aan die hand van die spesifieke omstandighede in die gebiede waarin die verskeie ondersoekte gedoen is. Terselfdertyd is hierdie toestand ook 'n aanduiding van die feit dat studie op die gebied van beroepskeuses hoofsaaklik nog beperk is tot die empiriese vasstelling van sekere veranderlikes wat verband mag hê met die beroepskeuse van die individu, en dat daar nog nie veel eenstemmigheid bereik is oor 'n bevredigende en teoreties-verantwoorde interpretasie van die proses van beroepskeuse in sy geheel nie.

In Suid-Afrika is daar nog nie veel sosiaal-wetenskaplike navorsing gedoen oor beroepskeuses nie. Die verhandelinge wat in mindere of meerdere mate verband hou met die gebied, is beperk tot aspekte soos: beroepsaanpassing,<sup>15)</sup> persoon-

---

15) Vgl. bv. Crause, H.L.: 'n Sosiologiese Studie van Jeug-Arbeiders van Landelike Oorsprong in Johannesburg, Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van O.V.S., 1949.

Post, R.G.: Beroepsaanpassing van Skoolverlaters van sekere Hoërskole in Pretoria, Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Pretoria, 1952.

likheidskenmerke van persone wat alreeds in die arbeidsveld is,<sup>16)</sup> of is opvoedkundig van aard.<sup>17)</sup> Meer bepaald oor die beroepskeuse van die individu is o.a. bekend die proefskrif van D.F. Rossouw<sup>18)</sup>: dit behels 'n ondersoek na die faktore wat beroepskeuses beïnvloed en die samehang van intelligentie, skoolverlating, en geografiese herkoms met die beroepskeuse van hoërskoolkinders. 'n Studie van J.J. Loubser<sup>19)</sup> stel ondersoek in na die beroepsheenkomme en beroepsverwagting van Kleurlinge met 'n hoë opvoedkundige status. Die huidige ondersoek handel oor die beroepskeuses van blanke universiteitstudente.

- 
- 16) Vgl. bv. Labuschagne, C.E.G.: Persoonlikheids en Motiveringsverskille tussen Goeie en Swak Ambagslui, Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Pretoria, 1961.
  - 17) Vgl. bv. Arnoldi, J.: The Vocational Choices, Interests and Aptitudes of Secondary School Boys with special reference to the consistency of these Factors, Ongepubliseerde D.Ed.-skripsie, Universiteit van Pretoria, 1956.
  - 18) Calitz, C.P.: Die Bestudering van bepaalde Karaktereienskappe i.v.m. sekere Professies, Ongepubliseerde D.Ed.-skripsie, Universiteit van Potchefstroom, 1959.
  - 19) Rossouw, D.F.: Die Faktore wat Beroepskeuses Beïnvloed, Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1940.
  - 19) Loubser, J.J.: Beroepsheenkomme en Beroepsverwagting: 'n Ondersoek onder Kleurlinge met 'n Hoë Opvoedkundige Status, Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1958.

### Par. 2 Doelstelling en Omvang van Ondersoek

Die doel van die huidige ondersoek kan formeel as volg gestel word: die vasstelling en sosiologiese interpretasie van die patroon van beroepskeuses onder manlike universiteitstudente deur 'n ontleding van die verband van hierdie keuses met (a) oorwegings wat die betrokke persone aangee as belangrikste redes vir 'n bepaalde beroepskeuse, en (b) met sekere kenmerke van die maatskaplike situasie waarbinne of omstandighede waaronder die betrokke beroepskeuses gedoen is.

Ten opsigte van die beroepskeuses word onderskei tussen werklike beroepsvoorneme, en beroepsideaal. Onder die maatskaplike omstandighede of kenmerke waaraan aandag gegee word, is o.a. die volgende: ekologiese herkoms, kenmerke van die gesin van oriëntasie, verskille in beroepstatus, en beroepsmobiliteit tussen generasies, persoonlike beïnvloeding in die proses van beslissing vir 'n beroep, ens.

Dic omvang van die ondersoek word beperk tot voltydse ingeskreve manlike studente aan die Universiteit van Stellenbosch.

### Par. 3 Relevante Veranderlikes en hulle Inhoud

Die veranderlikes betrokke by die ondersoek sou in drie ka-

tegorieë verdeel kan word: Beroepskeuses, Maatskaplike kenmerke van die keusesituasies en Persoonlike oorwegings.

(a) Beroepskeuse

Daar word gevra na die beroep wat die student van plan is om te beoefen en die beroep wat hy die graagste sal wil beoefen. Die beroep wat die student van plan is om te beoefen, sal na verwys word as sy beplande beroep, en sy keuse van hierdie beroep sal sy reëele beroepskeuse genoem word.

Sy beplande beroep en reëele beroepskeuse kom nie noodwendig ooreen met die beroep en beroepskeuse wat die student die graagste sou wou volg of doen nie. Afgesien of daar 'n verskil is tussen hierdie twee, word die beroep wat die student die graagste sou wou volg, sy ideale beroep of beroepsideaal genoem. Sy keuse van so 'n beroep word sy ideale beroepskeuse genoem.

(b) Maatskaplike Kenmerke van die Keusesituasie

Die maatskaplike kenmerke wat ondersoek word, is daardie kenmerke van die betrokke maatskaplike struktuur wat as relevant beskou word tot die proses van beroepskeuse by studente op grond van bestaande empiriese kennis en teoretiese insigte op die gebied. Spesifiek is die volgende maatskaplike omstandighede in aanmerking geneem:



(i) Herkoms van student: Herkoms verwys na die plek of plekke waar die student woonagtig was voordat hy na die universiteit gekom het. Dit sluit in die plek waar hy grootgeword het, sy hoërskoolopleiding ontvang het en waar hy gewoon het tydens sy hoërskoolopleiding.

(ii) Gesinsomstandighede: Die gesin van oriëntasie van die student is hier betrokke. Kenmerke van die gesin van belang vir die ondersoek, is o.a. huistaal, grootte van gesin, samestelling, ouderdom en kindsposisie van die student in sy gesin en primêre indekse van die sosio-ekonomiese en maatskaplike status van die gesin, soos die beroepe van die vader en moeder, inkomste van die vader en opvoedkundige peil van die ouers.

(iii) Verskille in Beroepsstatus tussen Generasies: Om verskille in beroepsstatus tussen generasies vas te stel, is gebruik gemaak van 'n reeds bestaande beroepskategorisering. Ook is die student se eie oordeel oor die verskil in status tussen sy beplande beroep en die beroep van sy vader gevra.

(iv) Persoonlike Beïnvloeding: Onder persoonlike beïnvloeding word verstaan enige beïnvloeding deur 'n persoon of persone wat die student ondergaan het in die keuse van sy beroep. Enige sodanige beïnvloeding word vasgestel deur

direk aan die student te vra watter persone sodanige invloed op sy keuse van 'n beroep gehad het.

(c) Persoonlike Oorwegings

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word onder oorwegings verstaan die rede of redes wat studente aangee waarom hulle 'n spesifieke beroep gekies het. 'n Lys van moontlike oorwegings is opgestel. Vir die samestelling van hierdie lys is gebruik gemaak van voorbeelde uit die werke van M. Rosenberg,<sup>20)</sup> R.L. Simpson<sup>21)</sup> en H.K. Schwarzeller<sup>22)</sup> asook die resultate van 'n klein voorlopige ondersoek onder studente in dié verband. Die uiteindelike lys wat aan studente voorgelê is, het bestaan uit negentien moontlike oorwegings. Studente kon verdere oorwegings formuleer indien nodig.

Die oorwegings wat van die drie genoemde navorsers oorgeneem is, word deur hulle sonder meer waardes genoem. Voorbeelde van sulke "waardes" is die volgende:

Stel my in die geleentheid om skeppend en oorspronklik te wees.

Dit stel my in staat om my potensialiteite/bevoegdhede/vermoëns te gebruik.

---

20) Rosenberg, M.: Op. cit., p. 11.

21) Simpson, R.L.: Op. cit., pp. 116-125.

22) Schwarzeller, H.K.: Op. cit., pp. 126-135.

Stel my in die geleentheid om van diens tot ander te wees.

Stel my in staat om met mense eerder as met „dinge“ te werk.

Stel my in die geleentheid om heelwat geld te verdien.

Stel my in die geleentheid om prestige en status te bekom.

Dit gee sekuriteit.

M. Rosenberg definieer 'n waarde as "... a conception of the desirable ... things in which people are interested, things they want, desire to become, feel as obligatory, worship, enjoy." <sup>23)</sup> R.L. Simpson aanvaar sonder meer hierdie definisie van Rosenberg in sy artikel "Values, Personal Influence and Occupational Choice." <sup>24)</sup> H.K. Schwarzeller gaan van die standpunt uit dat waardes konstruksies is in die gedagtes van die navorsers wat hy gebruik om mense te kategoriseer volgens die konseptuele kriteria wat hulle gebruik as standaarde indien hulle moet kies tussen verskillende moontlikhede. Hy definieer waarde as: "... a conception of the desirable which is implied by a set of preferential responses to symbolic desiderata." <sup>25)</sup>

---

23) Rosenberg, M.: Op. cit., p. 6.

24) Simpson, R.L.: Op. cit., p. 119.

25) Schwarzeller neem hierdie definisie oor uit die artikel van: Catton, W.R.: "A Theory of Value", American Journal of Sociology, Vol. 24, 1959, pp. 310-317.

Dit is baie belangrik om daarop te wys dat daar in bg. voorbeeld van „waardes”, sowel as in die betrokke skrywers se formele definisies van die begrip, nie analities en konsekwent onderskei word tussen die elemente van wenslikheid en gewensdheid in 'n individu se oriëntasie by die keuse van 'n beroep nie. Wenslikheid (desirability) verwys na korrektheid, algemene normatiwiteit of -funksionaliteit vir en binne 'n maatskaplike sisteem; wenslik is altyd wenslik vir die groter geheel, die groter sisteem; gewensdheid daarenteen, verwys na dit wat die bepaalde individu wens, wil hê, begeer, behoef of in belangstel. Die verwysing in al hierdie gevalle is primêr na die persoonlikheidsisteem. Vir teoretiese, analitiese en konseptuele doeleteindes is dit baie belangrik dat 'n konsekiente onderskeiding tussen maatskaplike- en persoonlikheidsisteme, tussen mees algemene normatiewe beginsels en motiveringselemente gehandhaaf word. Die presiese verskil tussen die wenslike en die begeerde, die afwysing van lg. se opname in 'n konsepsie van waardes, en die sentraliteit van wenslikheid in 'n formele definisie van die konsep waarde, is oortuigend aangetoon en beredeneer deur D.D. Joubert in 'n onlangse publikasie.<sup>26)</sup>

Uit die werk van gevorderde teoretici blyk tans 'n algemene

---

26) Joubert, D.D.: Die Waardekonsep in die Sosiologiese Teorie, 1964.

konsensus oor die inhoud wat in sosiologiese denke aan die begrip waarde gegee moet word. Die volgende vier formele definisies is hiervan genoegsaam bewys:

T. Parsons definieer waarde as volg:

An element of a shared symbolic system which serves as a criterion or standard for selection among alternatives of orientation which are intrinsically open in a situation. 27)

C. Kluckhohn beskryf 'n waarde as:

... a conception, explicit or implicit, distinctive of an individual or characteristic of a group, of the desirable which influence the selection from available modes, means and ends of action. 28)

N.J. Smelser:

Values then, are the most general statements of legitimate ends which guide social action. Values state in general terms the desirable end states, acts and act as a guide to human endeavour; they are so general in their reference that they do not specify kinds of norms, kinds of organization or kinds of facilities which are required to realize these ends. 29)

D.D. Joubert:

'n Waarde is 'n konsepsie van die wenslike wat gelyktydig in kultuur as kriterium vir die seleksie van oriëntasies

- 
- 27) Parsons, T.: The Social System, 1951, p. 12.
  - 28) Kluckhohn, C.: "Values and Value Orientations in the Theory of Action", Parsons & Shils (Eds.): Toward a General Theory of Action, 1954, pp. 388-433.
  - 29) Smelser, N.J.: Theory of Collective Behaviour, 1963, p. 25.

bestaan, geïnstitutionaliseer is in die samelewing en sy deelsisteme en geinternaliseer is in die persoonlikheid van lede van hierdie sisteme en daardeur hierdie persone oriënteer en kompromitteer t.o.v. wenslike handelinge. 30)

Dit behoort uit bestaande definisies duidelik te wees dat ons beswaar teen Rosenberg, Simpson en Schwarzeller se gebruik van die begrip waardes i.v.m. die redes of oorwegings in bepaalde beroepsituasies, meer is as net 'n terminologie beswaar. Om algemene waardeoriëntasies wat geld vir 'n bepaalde samelewing as geheel - en dus kriteria is in terme waarvan alle beroepsituasies sou kon geskied - sowel as persoonlike oorwegings wat 'n persoon 'n bepaalde beroep laat kies, waardes te noem, is in teorie en vir empiriese navorsing verwarringend en uiteindelik verkeerd.

Die skeiding wat hierbo gemaak is tussen waardes en persoonlike oorwegings, kom, meen ons, ten minste gedeeltelik ooreen met Parsons se onderskeiding van die twee aspekte van oriëntasie: waarde- en motiveringsoriëntasie.

Parsons beskryf motiveringsoriëntasie as daardie aspek van die individu se oriëntasie tot objekte in situasies wat in verband staan met sy potensiële of aktuele bevrediging of nie-bevrediging. Motiveringsoriëntasie kan (a) kognitief,

---

30) Joubert, D.D.: Op. cit., p. 216.

(b) katekties en (c) evaluatief wees: (a) Die kognitiewe mode van oriëntasie behels die verskillende prosesse waarvolgens die akteur 'n objek "sien" in relasie tot sy sisteem van behoefte-disposisies. (b) Die katektiese mode behels die verskillende prosesse waarvolgens die akteur affektiewe betekenis aan 'n objek heg. (c) Die evaluatiewe mode behels die verskillende prosesse waarvolgens die individu sy energie tussen die verskillende handelinge wat in verband staan met objekte wat met affektiewe betekenis beklee is, verdeel ten einde die bevrediging te verhoog.

Waardeoriëntasies definieer Parsons formeel as volg:

... those aspects of the actor's orientation which commit him to the observation of certain norms, standards, criteria of selection, whenever he is in a contingent situation which allows (and requires) him to make a choice. 31)

Wanneer aanvaar word dat waardes verwys na die mees algemene normatiewe beginsels of kriteria, sou dit beteken dat, in 'n relatief homogene en goed geïntegreerde samelewing, die hele beroepsstruktuur, teoreties dus alle beroepe, in 'n mindere of meerdere mate hierdie waardes as normatiewe beginsels inkorporeer. Dit sou beteken dat alle beroepskeuses, in die breë, volgens hierdie beginsels geskied. Die keuse van ver-

---

31) Parsons, T. en Shils, E.A.: "Values, Motives, and Systems of Action", Parsons & Shils (Eds.): Op. cit., p.59.

skillende beroepe moet dus verklaar word, nie in terme van die algemene waardes van die betrokke samelewing nie, maar as die resultaat van persoonlike beslissings van individue binne die konteks van bepaalde maatskaplike omstandighede en persoonlike motiverings. Dit word nie ontken dat die samelewing se waardes deurwerk tot op dievlak van persoonlike motivering nie; ook nie dat daar verskillende en daarom uiteenlopende waardeoriëntasies in een samelewing kan bestaan nie. Uiteindelik: die bestaan van 'n waarde-element in 'n spesifieke beroepskeuse moet erken word en sou kon vastgestel word. Die inhoud en werking (in die proses van beroepskeuse) van 'n bepaalde waardeoriëntasie is egter iets anders as die inhoud en werking van die individu se meer direkte en persoonlike motivering in sy keuse van 'n beroep.

Die huidige ondersoek is primêr gerig op laasgenoemde eerder as eersgenoemde aspek. „Eerder" omdat die gestelde analitiese onderskeiding tussen waarde- en motiveringsoriëntasie nie op die spits gedryf word nie. Omdat ten minste sommige van die redes in 'n bepaalde beroepskeuse opgeneem in ons vraelys, 'n waarde-element behels, miskien slegs 'n waardeoriëntasie is, sonder 'n motiveringselement in die engste sin van die woord, gebruik ons die begrip oorweging eerder as waarde of persoonlike motivering. Teoreties

en konseptueel ontleed, behels oorweging primêr inhoud wat in Parsons se teorie motiveringsoriëntasie insluit, maar ook moontlik waardeoriëntasies. Operasioneel gedefinieer in hierdie ondersoek, is 'n oorweging die rede of redes wat 'n persoon aangee waarom hy 'n bepaalde beroep gekies het. Daar is reeds verduidelik dat en hoe 'n lys van moontlike oorwegings saamgestel is.

#### Par. 4 Prosedure van Ondersoek

##### (a) Universum

As proefpersone is geneem 'n monster van voltydse, manlike, ingeskreve studente aan die Universiteit van Stellenbosch. Deeltydse studente is uitgesluit aangesien die meeste van hulle alreeds in 'n beroep staan. Daar is ook besluit om slegs mansstudente in die steekproef in te sluit. Dit is gedoen omdat persoonlike oorwegings en relevantheid van sekere maatskaplike faktore, sowel as moontlikhede in beroepsheenkome in 'n groot mate differensieer volgens geslag. Daar kan verwag word dat die patroon van beroepskeuses by dames baie sal verskil van dié by mans.

##### (b) Monsterneming

Die monster het uit 300 persone bestaan wat by wyse van toevalige seleksie gekies is. Die registrasiekaarte van stu-

dente is vir dié doel gebruik.

(c) Gebruik van Vraelys

'n Vraelys om inligting oor die verskillende veranderlikes te bekom, is opgestel. Meeste van die vrae was kwantitatief van aard. In verband met vrae wat wel kwalitatief was, soos bv. die evaluasie van die student van die maatskaplike status van sy gesin van oriëntasie, en die oorwegings wat studente aangee as redes waarom hulle 'n spesifieke beroep gekies het, is daar 'n klein voorlopige ondersoek gedoen ten einde sover moontlik te verseker dat al die verskillende moontlike antwoorde op vrae aanwesig was. Sogenaamde oop vrae is tot 'n minimum beperk.

(d) Onderhoude

Die proefpersone, wat almal in universiteitskoshuise of in die betrokke dorp woonagtig was, is elkeen ondervra met behulp van die vraelys. 'n Voorbeeld van die vraelys word as bylaag aangeheg.

(e) Verwerking

Die verwerking van gegewens is gedeeltelik meganies d.m.v. 'n elektroniese rekenaar gedoen. Statistiese tegnieke soos die Chi-kwadraat en die Nul-hipotese is gebruik om die boudienheid van kruiskorrelasies te bepaal.

---

## HOOFSTUK II

### BEROEPSKEUSES EN BEROEPSIDEALE

#### Par. 1 Inleidend

Dit word algemeen aanvaar dat die beroepskeuse van die individu gesien moet word as 'n proses wat geleidelik verloop en strek oor ten minste die periode: kind tot adolessent. Die inhoud, verloop en uiteindelike gevolg van hierdie proses word grootliks bepaal deur die maatskaplike milieu.

By die empiriese vasstelling van die presiese verband tussen die beroepskeuses en maatskaplike faktore, moet die volgende in gedagte gehou word:

- (a) Wanneer maatskaplike faktore as veranderlikes beskou word, moet onderskei word tussen (i) veranderlikes wat in verband staan met eksistensiële gegewens of omstandighede soos bv. gesinsomstandighede, sosio-ekonomiese status, ekologiese herkoms, maatskaplike klas ens., en (ii) oorwegings wat persone aangee as belangrikste redes of motiverings waarom hulle 'n bepaalde beroep gekies het. Dit lyk ons korrek om hierdie oorwegings as 'n veranderlike te beskryf omdat dit soos in die geval van die eksistensiële gegewens in (i) genoem, waar is dat hierdie oorwegings 'n rol speel

in beroepskeuses en asof in 'n dimensie kan varieer. Vir sover hierdie persoonlike oorwegings binne, deur en met in agneming van bepaalde maatskaplike situasies gevorm en geformuleer kan word, sou hulle vir sekere doeleindeste geldig ingesluit kon word onder die kategorie van maatskaplike veranderlikes.

(b) Omdat maatskaplike omstandighede, oorwegings en die wisselwerking tussen hierdie twee in die proses van beroepskeuse aan verandering en opeenvolgende ontwikkeling onderhewig is, is die tydstip waarop die individu om sy beroepskeuse gevra word van die allergrootste belang. So bv. verskil jeugdiges en volwassenes t.o.v. bewustheid van en blootstelling aan maatskaplike omstandighede relevant tot beroepskeuses, terwyl rasionalisasie omtrent oorwegings waarom 'n bepaalde beroep gekies is in samehang met meerder ervaring kan verander. Dit is ook waar dat deelname aan die opleidings- en voorbereidingsituasie kan aanleiding gee tot 'n heel besondere formulering van hierdie oorwegings. Hierdie formulering sou by dieselfde persoon ook weer anders kon wees nadat hy 'n paar jaar in die beroep gestaan het.

Hierdie ondersoek gaan oor die beroepskeuses van studente.

Studente is persone wat (i) nog nie in 'n beroep staan nie; (ii) van wie algemeen verwag kan word dat hulle reeds 'n definitiewe beroepskeuse gemaak het; en (iii) wat in die proses van voorbereiding en opleiding is vir 'n beroep.

In verband met lg. omstandigheid is die verskynsel van antisiperende sosialisering van belang.<sup>1)</sup> In die proses van die verwerwing van vakkundige kennis oor die betrokke beroep, ontwikkel die student ook die "korrekte" houdings, ingesteldheid en waardes betrokke by die beroep, in antisipasie van sy toekomstige aktiewe deelname. Na hierdie verskynsel word later weer verwys.

'n Studie oor die beroepskeuses van studente is 'n studie van persone wat deur 'n bepaalde opleidingsituasie reeds gekompromitteer is tot 'n beroep. Ten aanvang is die volgende aspekte van hierdie situasie van belang: studierigting, beroepskeuse en beroepsideaal.

## Par. 2 Studierigtings

Omdat die afsonderlike kursusse aan die Universiteit elkeen in mindere of meerdere mate gefokus is op 'n uiteinde-

---

1) 'n Teoretiese verantwoording van die verskynsel van antisiperende sosialisering word volledig uiteengesit deur R.K. Merton in sy werk: Social Structure and Social Theory, 1956, Hoofstukke VIII en IX.

like beroep, is hulle saamgevat en gekategoriseer as studierigttings. Gevolglik sou ons van die kursus wat die student volg, kon aflei in watter rigting sy belangstelling gaan m.b.t. 'n toekomstige beroep. In dié verband word onderskei tussen 'n spesifieke studierigting (bepaalde kursus) en 'n algemene studierigting. Die algemene studierigttings word as volg gekategoriseer:

Tegnies-natuurwetenskaplik, bv. natuurwetenskappe, landbou, ingenieurswese, bosbou ens.

Sosiaal-tegnies, bv. onderwys/opvoeding, handel, regsgelerheid, godgeleerdheid ens.

Kultureel-ontwikkelend, bv. drama, kuns, musiek, lettere en wysbegeerte ens.

Vir sover bg. kategorisering relevant is tot die student se belangstelling in 'n toekomstige beroep, kan verder gestel word dat die drie kategorieë respektiewelik hoofsaaklik te doen het met natuurwetenskaplike gegewens, mense en kulturele gegewens.

In hierdie ondersoek het geblyk dat slegs 0.6% van die studente kultureel-ontwikkelende studierigttings gevolg het, terwyl 65.7% sosiaal-tegniese en 33.7% tegnies-natuurwetenskaplike studierigttings gevolg het. Die ongelyke verspreiding tussen die drie kategorieë is waarskynlik

hoofsaaklik 'n funksie van die kategorisering self. By 'n moontlike verklaring vir die opvallend klein persentasie studente wat kultureel-ontwikkelende studierigtings volg, moet in gedagte gehou word dat sosiaal-tegniese en tegnies-wetenskaplike studierigtings geredeliker toegang bied tot die arbeidsmark, terwyl kultureel-ontwikkelende studierigtings beperkend en eksklusief is in hulle waarde vir 'n uit-eindelike beroep. Verder geniet die beroepe waarvoor sosiaal-tegniese en tegnies-natuurwetenskaplike studierigtings die student voorberei, groter bekendheid, publisiteit en aandag tydens die ontwikkelingsjare van die individu voordat hy tot die beroepslewe toetree.

TABEL I: Spesifieke studierigtings van studente

Studierigting	Aantal	Persentasie
Onderwys/Opvoeding	71	23.7
Geneeskunde	33	11.0
Teologie	32	10.7
Ingenieurswese	31	10.3
Landbou	31	10.3
Natuurwetenskap	28	9.3
Regsgeleerdheid	27	9.0
Handel	22	7.3
Lettere en Wysbegeerte	14	4.7
Bosbou	11	3.7
<b>TOTAAL</b>	<b>300</b>	<b>100.0</b>

Volgens die kategorisering van spesifieke studierigttings (sien Tabel I), blyk dit dat daardie studierigttings wat deur die meerderheid van studente gevolg word, almal direk toegang verleen tot die sg. populêre of tradisionele beroepe, soos dié in die onderwys, geneeskunde, teologie en landbou.

Soos reeds gestel, kan van universiteitstudente verwag word dat hulle in 'n groot mate finaliteit bereik het m.b.t. die keuse van 'n toekomstige beroep. In terme van tyd, onkosste en opoffering kan die student nie bekostig om eers tydens 'n kursus wat hy van plan is om te volg of wel volg, duidelikheid te bereik oor 'n toekomstige beroep nie. In hierdie ondersoek het 97.7% van die studente dan ook gesê dat die studierigting wat hulle volg, direk toegang verleen tot die beroep wat hulle van plan is om te beoefen.

Van die orige 2.3% wie se studierigting nie direk toegang verleen tot die beroepe wat hulle van plan is om te volg nie, het die meeste verklaar dat die huidige kursus nietemin funksioneel sou wees vir die beroep waarin hulle uitendelik sou staan. Vyf van dié sewe studente het handelskursusse gevolg. Sommige studierigttings bevat kursusse wat nie so gespesialiseer is tot die voorbereiding vir 'n spesifieke beroep as ander nie. So sal 'n handels-

kursus bv. verskil van 'n kursus in ingenieurswese, geneeskunde of onderwys. In 'n studie van groter omvang het Rosenberg<sup>2)</sup> in hierdie verband vasgestel dat die moontlikheid van verandering van beroepskeuse sterker was onder studente wat studierigtigs volg wat minder gespesialiseer en van korter duur was, as studierigtigs wat oor 'n lang periode van tyd gestrek het en meer gespesialiseer was in voorbereiding tot 'n spesifieke beroep. Die klein aantal studente wat studierigtigs volg wat nie direk toegang verleen tot hulle beplande beroep nie, verhinder dat in hierdie ondersoek enige betekenisvolle tendense vasgestel word. 'n Meer omvangryke ondersoek sou gedoen moes word om te bepaal in watter mate die voorkomstigheid van verandering in beroepskeuse in die afsonderlike studierigtigs teenwoordig is.

Par. 3 Beroepskeuses volgens Beroepsgroep, Beroepsoriëntasie en Bedryf

Realisties beskou, is daar slegs 'n paar langtermyn beslisings wat die individu neem wat 'n bepalende invloed het op sy lewensloop. Een hiervan is die beslissing wat die individu neem m.b.t. die beroep wat hy van plan is om te beoefen. In die kontemporêre westerse, geindustrialiseer-

---

2) Rosenberg, M.: Op. cit., pp. 77-93.

de samelewing is die beroep van 'n persoon van beslissende belang vir sy plek en georiënteerdheid in maatskaplike verhoudingsnetwerke. Die strategiese belangrikheid van 'n beroep blyk verder wanneer onderskei word tussen die volgende drie aspekte daarvan: die status van die beroep, die oriëntasie of gerigtheid van die beroep en die inhoudelike of bedryfsaard van die beroep. Hierdie drie aspekte is ook kriteria wat die individu, meesal onbewustelik, aanwend wanneer hy moet oordeel oor 'n beroep waarin hy moontlik in die toekoms kan staan; gevvolglik is daar voorsiening gemaak vir 'n drieledige kategorisering van beroepe ten einde die samehang van die verskillende veranderlikes met elkeen van hierdie aspekte van 'n beroep te kan bepaal. Waar dit handel oor die status van die beroep word verwys na die beroepsgroep waaraan die individu behoort of sal behoort. Die oriëntasie van die beroep word aangetoon as beroepsoriëntasie, terwyl die inhoud of aard van die beroep as die inhoudelike of bedryfsaspek van die beroep gekategoriseer word.

(a) Beroepsgroepe

'n Kategorisering van beroepe is gedoen volgens rangordening in statusbelangrikheid.<sup>3)</sup> Daar is bevind dat keuses

---

3) Sien ommesy.

versprei is oor die drie boonste beroepsgroepe en wel as volg:

Administratiewe en Onafhanklike Professionele beroepe .....	30.0%
Afhanklik Professionele en Onafhanklik Kommersiële beroepe .....	67.7%
Afhanklik Kommersiële beroepe ....	2.3%

Die kategorieë: Geskoolde Hande-arbeider, Hoofsaaklik Hande-arbeid maar met spesiale verantwoordelikhede, Semi-geskoolde Hande-arbeider, Ongeskoolde Hande-arbeider en Beroepe wat nie ekonomies bedrywig is nie, was nie relevant tot die beroepskeuses van studente nie. Meeste van die studente het afhanklike professionele beroepe gekies.

(b) Beroepsoriëntasie

Persone verskil in hulle oriëntasies tot beroepssituasies.

Studies wat in die verband gedoen is,<sup>4)</sup> toon aan dat drie basiese beroepstipes onderskei kan word indien hulle vol-

- 
- 3) Die kategorisering is die resultaat van 'n ondersoek in verband met die klassifikasie van beroepe in Kaapstad, onderneem deur die Dept. Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit Kaapstad. Dit is gepubliseer onder die opschrift: Series of Reports and Studies issued by the Social Survey of Cape Town, No. S.S.8, 1946. Voorbeeld van beroepe wat in die verskillende statuskategorieë val, word in Bylaag II gegee.

- 4) Vgl. bv. die reeds genoemde werk van Rosenberg en die artikels van Simpson en Schwarzeller.

gens die kenmerk van oriëntasie gekategoriseer word:

- (i) Maatskaplik georiënteerde beroepe, d.w.s. beroepe wat die individu in staat stel om met mense te werk en vir hulle van diens te wees.
- (ii) Ekstrinsiek georiënteerde beroepe, d.w.s. beroepe wat die individu in staat stel om belonings te bekom ekstrinsiek aan die beroepssituasie, bv. geld.
- (iii) Intrinsiek georiënteerde beroepe, d.w.s. beroepe wat die individu die geleentheid gee tot selfrealisering sonder dat dit noodwendig georiënteer is tot belonings ekstrinsiek aan die beroepssituasie of om vir mense van diens te wees.

Die kriteria wat gebruik is om studente volgens bg. kategorieë in te deel, was hoofsaaklik die studierigting wat die student volg, sy spesifieke beroepskeuse en in enkele grensgevalle die oorwegings wat die betrokke student aangee as rede waarom hy die beroep gekies het.

Studente wat maatskaplik georiënteerde beroepe kies, volg studierigtigs soos onderwys/opvoeding, geneeskunde en teologie. Intrinsiek georiënteerde beroepskeuses gaan saam met studierigtigs soos natuurwetenskappe, ingenieurswese, landbou, bosbou en lettere en wysbegeerte, terwyl ekstrinsiek georiënteerde beroepe gekies is deur studente wat studierigtigs volg soos handel en regsgelerdheid.

Van die 300 studente wat ondervra is in die ondersoek, het 49.3% maatskaplik georiënteerde beroepe gekies terwyl 38.0% intrinsiek georiënteerde beroepe en 12.7% ekstrinsiek georiënteerde beroepe gekies het. 'n Verdere interessante kenmerk is dat 60.5% van die studente wat ekstrinsiek georiënteerde beroepe gekies het, beroepe gekies het wat in die Administratiewe en Onafhanklike Professionele beroepsgroep val. Maatskaplik georiënteerde en intrinsiek georiënteerde beroepskeuses het hoofsaaklik in die Afhanklik Professionele en Onafhanklik Kommersiële beroepsgroep gevval. Die samehang van hierdie kategorisering s het 'n positiewe verband getoon en dit wil dus voor kom dat studente wat beroepe kies wat georiënteer is tot belonings ekstrinsiek aan die beroepsituasie, hul keuses doen omdat die maatskaplike status en inkomste van daardie beroepe relatief hoër is as in ander beroepsgroepe en so die verkryging van belonings ekstrinsiek aan die beroepsituasie gevolglik vergemaklik word.

(c) Die Inhoudelike of Bedryfsaspek van Beroepe

Volgens die inhoudelike kategorisering van beroepe (sien Tabel II), is die vier beroepe wat die meeste keuses gekry het, dié van onderwyser, natuurwetenskaplike tegniese vakman, mediese dokter en ingenieur (tegniese beplanning).

TABEL II: Beroepskeuses van studente volgens inhoud of bedryf

Beroepskeuse	Aantal	Percentasie
Onderwys	69	23.0
Tegniese vakman: nat. wet.	46	15.3
Geneeskunde	36	12.0
Predikantskap	31	10.3
Ingenieurswese	31	10.3
Landbou	26	8.7
Regswese	21	7.0
Handel	13	4.3
Tegniese vakman: sos. wet.	9	3.0
Diplomatieke Diens	7	2.3
Administratief: sekretarieel	5	1.7
Hoër onderwys	2	0.7
Akademies: Taal en Lettere	2	0.7
Joernalistiek en Uitsaaiwese	1	0.3
Vervoer en Kommunikasie	1	0.3
<b>TOTAAL</b>	<b>300</b>	<b>100.0</b>

Die beroepe onderwyser en geneesheer sou albei gekategoriseer kon word as maatskaplik georiënteerde beroepe, terwyl die beroepe natuurwetenskaplike tegniese vakman en ingenieur albei gekategoriseer sou kon word as intrinsiek georiënteerde beroepe. Volgens die inhoudelike kategorisering van beroepe blyk dit dus dat die meerderheid van

studente die sg. tradisionele of populêre beroepe kies wat of georiënteer is tot diens aan die medemens of tot self-realising en innerlike bevrediging deur die beoefening van die beroep self. Ekstrinsiek georiënteerde beroepe soos beroepe in die Handel en Regswese was deur 'n klein minderheid van studente gekies.

#### Par. 4 Beroepsideaale van Studente

Daar word by studente onderskei tussen die reeële en ideale beroepskeuses. Eersgenoemde verwys na die beroep wat die student werklik van plan is om te volg, en laasgenoemde verwys na die beroep wat die student, indien hy vry en ongehinderd sou kon kies, die graagste sou wou volg. Indien daar 'n verskil is by 'n persoon t.o.v. hierdie twee kategorieë beteken dit dat reële omstandighede die verweseliking van die beroepsideaal voorkom of onmoontlik maak. Dit sou met redelikheid aanvaar kon word dat bv. skoliere in mindere mate erns maak met reële omstandighede m.b.t. 'n toekomstige beroep as studente. Studente is reeds gekonfronteer met die maatskaplike realiteit en het reeds 'n "kompromis" tussen persoonlike ideaal en reële omstandighede getref ten einde hulle beroepskeuses te realiseer. Die moontlikheid dat 'n skolier, wanneer hy om sy beroeps-

keuse gevra word, 'n totaal onrealistiese of selfs fantasiese beroep sal kies, is groter as by studente wat alreeds besig is met voorbereiding vir 'n beroep en gevolglik reële faktore in aanmerking geneem het. In hierdie verband is Ginzberg<sup>5)</sup> se onderskeiding tussen 'n "tentatiewe" en "realistiese" periode in die proses van beroepskeuse relevant. Volgens Ginzberg verwys eg. periode na die tydperk voordat die persoon klaar is met hoërskoolopleiding.

In hierdie ondersoek het 92.6% van die studente gesê dat hulle beplande beroep ook die beroep is waarin hulle die graagste sou wou staan. Reële faktore soos finansiële oorwegings (14), afkeur van ouers (4), nie-voldoening aan toelatingsvereistes (3) en die moeilike eise gestel in die kursus (2), het verhoed dat 7.4% (23) van die studente hulle beroepsideaale kon verwesenlik.

Studente wie se beplande beroep verskil het van hulle beroepsideaal, het verklaar dat hulle van geen konflik of frustrasie bewus is omdat hulle nie hulle beroepsideaal kon verwesenlik nie. Die feit dat die oorgrote meerderheid van studente se beplande beroep ook die beroep is waarin hulle die graagste sou wou staan, en dat by stu-

---

5) Ginzberg, Eli: Op. cit., pp. 59-94.

dente by wie dit nie die geval is nie geen konflik of frus-trasie ondervind is nie, kan moontlik verklaar word as 'n funksie van antisiperende sosialisering waarna vroeër in die hoofstuk verwys is. Rosenberg<sup>6)</sup> het bv. vasgestel dat daar 'n neiging tot die vermindering van spanning was by studente wie se beroepsideaal in konflik was met hulle beplande beroep. Dit het hy gedoen deur dieselfde groep van studente na 'n periode van twee jaar weer te ondervra ten einde vas te stel of dieselfde mate van konflik teen-woordig was by studente wie se beroepsideaal nie ooreenge-stem het met hulle beplande beroep nie. Sy bevinding was dat daar 'n afname van spanning was. Rosenberg kom tot die gevolgtrekking dat „waardes" (oorwegings) nie net 'n invloed het op beroepskeuses nie, maar dat beroepskeuses „waardes" (rasionalisasies?) van die studente kan beïnvloed. Daar is 'n neiging by 'n persoon om 'n wederkerige balans te bewaar tussen „waardes" en beroepskeuse. Rosenberg formuleer as volg:

Having chosen the field, he (the student) is likely to incorporate into his present self-image, aspects of his future occupational status -- he is a "future doctor", "future teacher", "future engineer". In the course of time he develops a picture of the attitudes, values and behaviour which are appropriate for a member of this occupation. This image of his

---

6) Rosenberg, M.: Op. cit., Hoofstuk VII.

future occupational status is likely to influence the student's present attitudes, values and behaviour; he may start to think and behave in a way which he believes will be appropriate when he actually enters occupational practice. This is the process which Merton has called anticipatory socialization. 7)

Dit wil dus voorkom asof die opleidingsituasie ook 'n invloed het op die individu se oriëntasie tot 'n beroep; dat deur die opleidingsituasie die student kennis maak met, en aanpas by die ingesteldheid, houdings en waardes betrokke by sy toekomstige beroep.

'n Verdere verklaring vir die feit dat meeste van die studente die beroepe kon kies wat hulle die graagste sou wou volg, kan ook lê in die relatiewe oopheid van die beroepstruktuur vir blankes in die Republiek. Die beroepstruktuur is van so 'n aard dat dit die blanke in terme van finansiële middele, opleidingsfasiliteite en kompetisie begunstig en hom in staat stel om in 'n groot mate die beroep te volg wat hy die graagste sal wil volg.

#### Par. 5      Samevatting

Uit die voorafgaande paragrawe kan die volgende punte samenvattend gestel word:

---

7) Ibid., p. 24.

- (a) Die tydstip waarop die individu om sy beroepskeuse gevra word, is van belang in die studie van die proses van beroepskeuse aangesien persone in verskillende tydperke van hulle ontwikkeling, verskil in die mate wat hulle bewus is van, en blootgestel is aan maatskaplike omstandighede wat relevant is tot beroepskeuses. Studente is persone wat reeds gekonfronteer is met die maatskaplike realiteit maar wat nog nie in 'n beroep staan nie.
- (b) Die meeste van die studente het reeds 'n finale beroepskeuse gedoen. In hierdie ondersoek het 97.7% van die studente studierigtings gevolg wat direk toegang verleen tot die beroepe wat hulle van plan was om te beoefen. Die oorgrote meerderheid van studente volg studierigtings wat direk toegang verleen tot 'n spesifieke beroep.
- (c) Die groot meerderheid van studente se keuseberoepval in die Afhanklik Professionele beroepsgroep, is maatskaplik georiënteerd, gevestig en populêr in die betrokke maatskaplike struktuur.
- (d) In 92.6% van die gevalle was die beplande beroep van die student ook dieselfde as die student se beroepsideaal. By die 7.4% van die studente by wie dit nie die geval was

nie, was daar geen bewustheid van konflik of frustrasie nie. Bogenoemde verskynsel kan in die eerste plek 'n funksie wees van antisiperende sosialisering, en in die tweede plek kan dit die gevolg wees van die oopheid van die betrokke beroepstruktuur.

---

### HOOFSTUK III

#### BEROEPSKEUSES EN MAATSKAPLIKE OMSTANDIGHede

##### Par. 1 Inleidend

Hierdie hoofstuk is hoofsaaklik gefokus op die samehang tussen beroepskeuses en spesifieke kenmerke van die gesins- en gemeenskapsverband van die student. Meer bepaald word gewerk met die primêre indekse van sosio-ekonomiese status soos die beroep, inkomste en opvoedkundige peil van die ouers in die gesin van oriëntasie; gesinsamstelling en ekologiese herkoms. Verder word ook aandag gegee aan die persoonlike beïnvloeding wat die student ondergaan het in die algemene proses van beroepskeuse, sowel as die rol van sodanige beïnvloeding in sy keuse van 'n spesifieke beroep. Ietwat op 'n ander vlak, word die studente se oordeel oor die verskil in die status van hulle vader se beroep en hulle eie beplande beroep ontleed.

Dit is duidelik dat die sosialisering wat die student ondergaan in die gesin, op skool en in die gemeenskap in die algemeen, en die invloed daarvan op sy persoonlikheidsontwikkeling en lewensuitkyk, baie belangrik is in sy keuse van 'n uiteindelike beroep. Aan die hand van verskeie studies is egter verder vasgestel dat spesifieke kenmerke

in die aard en samestelling van die student se gesins- en gemeenskapsverband 'n rol speel in die proses van beroepskeuse. A.B. Wilson <sup>1)</sup> het bv. bevind dat verskille in sosio-ekonomiese status daartoe lei dat persone verskil-lende vlakke van beroepsaspirasies het. C.M. Grigg <sup>2)</sup> het vasgestel dat die grootte van die gemeenskap waar die persoon woon 'n betekenisvolle verband het met die vlak of peil van sy beroepsaspirasie. In 'n studie wat R.M. Middleton <sup>3)</sup> onder Amerikaanse Negers en blankes gedoen het, het hy vasgestel dat daar 'n positiewe verband is tussen die herkoms en beroepsaspirasies van blankes maar dat dit nie die geval was by Negers nie. E. Youmans, <sup>4)</sup> ook van die V.S.A., het bevind dat in 'n landelike gebied waar die sosio-ekonomiese toestande van so 'n aard was dat die plaas-arbeid deur die eienaars en lede van hulle gesinne self gedoen moes word, dit moeilik was om formele opleiding vir 'n beroep te bekom, en dat die beroepsaspirasies van per-

1) Wilson, A.B.: "Residential Segregation of Social Classes and Aspirations of High School Boys", American Journal of Sociology, Vol. 24, 1959, pp. 836-845.

2) Grigg, C.M.: "Community of Orientation of Ninth Grade Students", Social Forces, Vol. 38, 1960, pp. 303-308.

3) Middleton, R.M.: "Rural-Urban Differences in Aspiration", Rural Sociology, Vol. 24, 1961, pp. 347-354.

4) Youmans, E.: "Factors in Educational Attainment", Rural Sociology, Vol. 24, 1961, pp. 21-28.

sone in hierdie gebied gevvolglik heelwat verskil het van dié van persone in stedelike gebiede.

Dit is geldig om op grond van bogenoemde studies te veralgemeen dat verskille in maatskaplike omstandighede betekenisvol verband hou met verskille in beroepskeuses. In die volgende paragrawe word o.a. vasgestel in hoe 'n mate daar verskille bestaan ten opsigte van maatskaplike omstandighede van studente betrokke by hierdie ondersoek, en of die aard van hierdie omstandighede enige invloed het op die beroepskeuse van die student.

Par. 2      Beroepskeuses, Opvoedkundige Peil, Beroepe en  
                 Inkomste van die Gesin van Oriëntasie

Die kriterium wat gebruik is om die opvoedkundige peil van die ouers van studente vas te stel, was uitsluitlik die formele opleiding wat op skool, aan universiteit, en enige ander tegniese of vakkundige opleidingsentrum ontvang is. Die opvoedkundige standaard van die ouers is verdeel in drie kategorieë, te wete: lae opvoedkundige peil, gemiddelde opvoedkundige peil en hoë opvoedkundige peil.

Onder lae opvoedkundige peil word die volgende ingesluit:

- (a) Geen formele opleiding.
- (b) Onvoltooide skoolopleiding.
- (c) Onvoltooide skool- met vakopleiding.

Onder gemiddelde opvoedkundige peil is ingesluit:

- (a) Slegs st. X.
- (b) St. X met addisionele vakkundige eksamens en/of diplomas.

Onder hoë opvoedkundige peil is ingesluit:

- (a) Universiteitsopleiding.

Inligting oor die opvoedkundige peil van die ouers is verkry deur die studente in dié verband te ondervra. Die opvoedkundige peil van die ouers word in Tabel III gegee.

TABEL III: Die opvoedkundige peil van die ouers van studente

Opvoedkundige Peil	Vader		Moeder	
	n	%	n	%
<u>Lae opvoedkundige peil:</u>				
Geen formele opleiding	2	0.7	0	0
Onvoltooide skoolopleiding	105	35.0	100	33.3
Onvoltooide skool- met vakopleiding	15	1.7	4	1.4
TOTAAL	112	37.4	104	34.7
<u>Gemiddelde opvoedkundige peil:</u>				
Slegs st. X	60	20.0	83	27.7
St. X met addisionele eksamens/diplomas	23	7.7	9	3.0
TOTAAL	83	27.7	92	30.7
<u>Hoë opvoedkundige peil:</u>				
Universiteitsopleiding	92	30.7	89	29.6
TOTAAL	92	30.7	89	29.6
Onbekend	13	4.2	15	5.0
GROOT TOTAAL	300	100.0	300	100.0

Hieruit blyk dit dat 58.4% van die vaders en 60.3% van die moeders van studente 'n gemiddelde na 'n hoë opvoedkundige peil gehad het. Slegs 37.4% van die vaders en 34.7% van die moeders het 'n lae opvoedkundige peil gehad. Beide die opvoedkundige peil van die vader en van die moeder het statisties geen beduidende verband met die beroepskeuses van die student getoon nie.

Dieselbde het geblyk die geval te wees t.o.v. die beroepe van die vaders. Die verspreiding van beroepsgroepe waaraan die vaders van studente behoort het, word in Tabel IV aangegee.

TABEL IV: Beroepsgroepe van studente se vaders

Beroepsgroep	Aantal	Persentasie
Administratief en Onafhanklik Professioneel	25	8.4
Afhanklik Professioneel en Onafhanklik Kommersieel	199	66.4
Afhanklik Kommersieel	17	5.7
Geskoolde Hande-arbeid	18	6.0
Hoofsaaklik geskoold met spesiale verantwoordelikhede	32	10.7
Semi-geskoolde Hande-arbeid	7	2.4
Ongeskoolde Hande-arbeid	1	.4
TOTAAL	300	100.0

Bykans 80% van die vaders het behoort aan die drie boonste beroepsgroepe. Hierdie konsentrasie in die verspreiding was grotendeels die rede waarom geen statisties betekenisvolle vergelyking tussen die beroepskeuses van studente en die beroepe van hulle vaders gemaak kon word nie. Veral as in gedagte gehou word dat al die beroepskeuses van die studente in die drie boonste beroepsgroepe val, is dit duidelik dat die groot mate van ooreenkoms in status t.o.v. die beroep van die vader en die beroepskeuse van die student dit moeilik maak om die betekenisvolheid van die verhouding tussen klein groepies wat afwyk van boegenoemde patroon vas te stel.

Inligting oor die inkomste van die vaders is op dieselfde wyse verkry as dié oor die opvoedkundige peil. In 30.6% van die gevalle het die studente nie geweet wat die inkomste van hulle vaders was nie. Van die vaders wie se inkomste wel bekend is, het 0.9% minder as R100 p.m. verdien, terwyl 17.7% R101 - R200 p.m.; 47.2% R201 - R300 p.m. en 34.2% R301 p.m. en meer verdien het. Anders gestel beteken dit dat 81.4% van die vaders van studente wie se inkomste bekend was, 'n inkomste gehad het wat meer as R200 p.m. was. 'n Vergelyking van die inkomste van die vaders met die beroepskeuses van studente het geblyk nie

statisties betekenisvol te wees nie.

Die bevinding was dus dat geeneen van hierdie drie faktore, te wete: opvoedkundige peil, beroepe en inkomste in die gesin van oriëntasie 'n statisties betekenisvolle relasie het met die beroepskeuses van studente nie. Ten opsigte van beroepe en inkomste is die verklaring hiervoor grotendeels toe te skrywe aan die besondere konsentrasies in die verspreiding van elk van hierdie faktore.

Waar dit gebruiklik is om bogenoemde drie faktore as die primêre indekse van sosio-ekonomiese status te gebruik, sou ons met 'n groot mate van geldigheid kon beweer dat die sosio-ekonomiese status van die gesinne van studente betrokke by hierdie ondersoek relatief gelyk is. Alhoewel daar in die ontleding van hierdie drie faktore geen betekenisvolle verband met die beroepskeuses van studente vastgestel is nie, het dit nietemin 'n indruk gegee van die algemene sosio-ekonomiese toestand van die gesinne van studente.

### Par. 3 Beroepskeuses en Gesinsamestelling

In 'n analise van die samestelling van die gesin van oriëntasie is onderskei tussen die aantal kinders in die gesin, die aantal seuns en die kindsposisie van die student in

die gesin.

Van die studente het 75.3% behoort tot gesinne waar daar van twee tot vier kinders was, terwyl 19.7% behoort het tot gesinne waar daar vyf en meer kinders was. Slegs 5.0% van die studente was enigste kinders in die gesin van oriëntasie.

Die samestelling van die gesin is vergelyk met die beroepskeuses van studente ten einde vas te stel of 'n spesifieke patroon t.o.v. beroepskeuses bestaan by studente wat kom uit groot gesinne, en ook of die kindsposisie van die student, d.w.s. of hy die oudste, jongste of 'n middelkind is, enige verband het met sy beroepskeuse. Geen statisties beduidende verband is egter gevind nie, en dit is duidelik dat die samestelling van die gesin van oriëntasie in hierdie ondersoek geen invloed op die beroepskeuse van die student gehad het nie.

#### Par. 4 Beroepskeuses en Ekologiese Herkoms

Uit navorsing wat gedoen is oor die herkoms van persone en hulle beroepskeuses of beroepsaspirasies, is dit duidelik dat die verband tussen hierdie twee veranderlikes in 'n groot mate afhanklik is van die aanwesigheid van besondere kenmerke van die gebied waar die navorsing gedoen

word, soos die relatiewe isolasie, die moontlikhede van beroepsheenkome in die onderskeie gebiede, ens.

Naas algemene kenmerke van die betrokke gebied, sou die besondere aard en bevolkingsamestelling van 'n bepaalde gemeenskap verantwoordelik kon wees vir 'n bepaalde patroon van beroepskeuses of beroepsaspirasies.

In 'n vergelyking van die herkoms van persone met hulle beroepsaspirasies of -keuses, gaan dit nie bloot oor die geografiese herkoms sonder meer nie, maar veral ook oor die maatskaplike aard en samestelling van die gemeenskap waar die persone woonagtig is. In dié opsig, is dit dan waarskynlik meer korrek om te verwys na die ekologiese herkoms van persone. Sodoende word die samestelling en verspreiding van die bevolking relevant in die herkoms van 'n persoon, ook in aanmerking geneem.

In hierdie ondersoek word onderskei tussen die plek waar die student grootgeword het, die plek waar sy ouerhuis was tydens hoërskoolopleiding en die plek waar hy hoërskoolopleiding ontvang het. Die begrippe plaas/dorp/stad en platteland (plaas + dorp)/stedelik, word gebruik om die verskille in herkoms aan te dui.

Die verspreiding van studente volgens die plek waar hulle

grootgeword het, was as volg: studente wat op plase grootgeword het (plaas-studente), 24.6%; studente wat in stede grootgeword het (stad-studente), 27.7%; studente wat op dorpe grootgeword het (dorp-studente), 47.7%. 'n Baie klein aantal studente het van woonplek verwissel tydens hulle hoërskoolopleiding. Verder het studente van plattelandse herkoms en studente van stedelike herkoms hulle hoërskoolopleiding in die platteland en stad onderskeidelik ontvang.

TABEL V: Die verspreiding van studente volgens ouerhuisomgewing en hoërskoolbywoning

Ouerhuisomgewing + Hoërskoolbywoning	Aantal	Persentasie
Stedelik + Platteland	6	2.0
Platteland + Stedelik	16	5.4
Stedelik + Stedelik	76	25.3
Platteland + Platteland	202	67.3
<b>TOTAAL</b>	<b>300</b>	<b>100.0</b>

Volgens Tabel V het slegs 2.0% van die studente van stedelike herkoms hulle hoërskoolopleiding op die platteland ontvang, terwyl 5.4% van die studente van plattelandse herkoms hulle skoolopleiding in die stad ontvang het. Die verdelings plaas/dorp/stad, en platteland/stedelik, is dus in 'n groot mate suiwer.

TABEL VI: Die opvoedkundige peil van die vaders volgens die herkoms van studente

Opvoedkundige peil van vader	Plaas- studente n	Dorp- studente n	Stad- studente n	%	%	%
Lae opvoedkundige peil	39	44	29	51.9	30.9	34.8
Gemid. opvoedkundige peil	27	36	20	35.9	35.2	24.0
Hoë opvoedkundige peil	6	56	30	7.9	39.4	36.0
Onbekend	3	6	4	4.3	5.5	5.2
TOTAAL	75	148	83	100.0	100.0	100.0

$\chi^2 = 13.2$

$\chi^2 = 28.9$

'n Positiewe verband is gevind tussen die herkoms van studente en die opvoedkundige peil van die vaders. Volgens Tabel VI het die vaders van 51.9% van die plaas-studente 'n lae opvoedkundige peil gehad, terwyl 35.9% 'n gemiddelde en 7.9% 'n hoë opvoedkundige peil gehad het. Van die vaders van dorp-studente het 30.9% 'n lae-, 25.2% 'n gemiddelde- en 39.4% 'n hoë opvoedkundige peil gehad. Ten opsigte van stad-studente was die verspreiding van die opvoedkundige peil van die vaders as volg: laag 34.8%, gemiddeld 24% en hoog 36.0%.

Die hoogste persentasie van vaders met 'n lae opvoedkundige peil is dus op plase, terwyl dié met 'n hoë opvoedkundige peil in dorpe en stede woon.

Verder is ook 'n verband vasgestel tussen die herkoms van die student en die beroepsgroep waaraan die vader behoort.

TABEL VII: Die beroepsgroepe van die vaders volgens die herkoms van studente

Beroepsgroep van vader	Plaas-studente		Dorp-studente		Stad-studente	
	n	%	n	%	n	%
Administratief en Onafhanklik Professioneel	1	1.4	11	7.8	13	15.6
Afhanklik Professioneel en Onafhanklik Kommersieel	72	95.9	97	68.8	31	37.3
Afhanklik Kommersieel	0	-	4	2.9	12	14.5
Geskoolde Hande-arbeid	0	-	9	6.4	9	10.8
Hoofsaaklik geskoold met verantwoordelikhede	2	2.7	15	10.6	15	18.0
Semi-geskoolde Hande-arbeid	0	-	5	3.5	2	2.5
Ongeskoolde Hande-arbeid	0	-	0	-	1	1.3
TOTAAL	75	100.0	148	100.0	83	100.0

$$1\% = 23.2$$

$$\chi^2 = 89.0$$

Volgens Tabel VII beoefen die groot meerderheid van die vaders van plaas-studente Afhanklik Professionele- en Onafhanklik Kommersiële beroepe, terwyl die vaders van dorpen stad-studente hoofsaaklik gekonsentreer is in die boonste beroepsgroepe maar nietemin ook voorkom in die meeste van die laer beroepsgroepe.

As in aanmerking geneem word dat 86.6% van die vaders van plaas-studente in die boerderybedryf staan, dan is die verklaring vir die verskille in opvoedkundige peil en beroeps-groepe van die vaders van plaas-studente in vergelyking met dié van dorp- en stad-studente, voor die handliggend. Hierdie patroon is gedeeltelik die gevolg van die feit dat tot relatief onlangs die noodsaaklikheid van 'n deeglike formele opleiding nie as 'n vereiste beskou is vir 'n persoon wat besluit om in die boerderybedryf in te gaan nie. Daarby moet rekening gehou word met die feit dat, waar formele opleiding van strategiese belang is vir 'n persoon se suksesvolle aanpassing in die beroepslewe, dit noodwendig sal gebeur dat daar beter en meer opgeleide persone in dorpe en stede sal wees as op plase. Die groter moontlikhede vir beroepsheenkome in stede en dorpe is gevolglik ook die oorsaak dat daar 'n groter verspreiding van persone in verskillende beroepsgroepe is in hierdie twee gebiede as op plase.

Ten spyte van die feit dat daar verskille bestaan t.o.v. die opvoedkundige peil en beroepe van die gesinne van studente van verskillende herkoms, is geen verband vasgestel tussen die herkoms van studente en hulle beroepskeuses nie. Dit blyk wel dat 69.2% van die studente wat boerdery as be-

roep gekies het, se vaders dieselfde beroep beoefen, maar t.o.v. 'n algemene patroon van beroepskeuse van studente van verskillende herkoms, is nie vasgestel dat plaas-studente verskillende beroepe of beroepe wat in verskillende beroepsgroepe val, kies as dorp- en stad-studente, of andersom nie.

Hierdie patroon kan verklaar word deur die feit dat meeste van die gesinne van plaas-studente redelik welgesteld is. Die mediaan-inkomste van die vaders in die gebied is R391.4 p.m., terwyl dié van die monstergroep in geheel slegs R306.9 p.m. is. Dus kan hierdie ouers bekostig om hulle kinders op universiteit te hou. Daarby is daar vandag feitlik geen sprake meer van die isolasie van die platteland nie. Die onbekendheid t.o.v. moontlikhede van beroepsheenkome wat waarskynlik by plaas-studente kan bestaan, word ook teengewerk deur die voorligting wat op skole gegee word. Gevolglik is die student wanneer hy van die plattelandse of plaasgebied na 'n universiteit gaan, in net so 'n mate bewus van die moontlikhede van beroepsheenkome as die studente wat van stad- en dorpgebiede kom.

Die feit dat meeste van die arbeid op plaasgebiede deur nie-blankes verrig word, en meeste van die grond geskik vir landboudoeleindes reeds beset is, dwing die jongmense

van plaasgebiede om 'n beroepsheenkome te soek elders as in die boerderybedryf. In 'n referaat gelewer te Stellenbosch voor die Landbou Wetenskaplike Vereniging op 7 Mei 1963, het prof. S.P. Cilliers as volg geformuleer:

In verhoudings omgestel: gesinsarbeid van die plaashouers vorm slegs ongeveer een-tiende van die totale landbou-arbeid; nagenoeg nege-tiendes (88.9%) van die plaashouers en hulle gesinne is blankes; uit 'n totale plaasbevolking van nagenoeg drie miljoen persone is slegs 13.4% plaashouers en lede van hulle gesinne; blankes wat nie plaashouers of lede van hulle gesinne is nie, vorm slegs 2.2% van die totale plaasbevolking; slegs 0.6% van die gereelde plaasarbeiders en los workers is blankes. Die patroon is dus duidelik: in Suid-Afrika bestaan die arbeidsmag in die landboubedryf feitlik uitsluitlik uit nie-blanke werknekmers, terwyl blankes uitsluitlik fungeer as plaashouers, en tesame met hulle gesinslede, slegs 'n tiende van die totale landbou-arbeidsmag vorm. 5)

Ten opsigte van die universiteitstudente is dit dus duidelik dat daar oor die algemeen nie betekenisvolle verskille is in beroepskeuses van studente van verskillende herkoms nie. In Tabel VIII word 'n verspreiding van die beroepskeuses van studente van verskillende herkoms gegee. Afgesien van die studente wat boerdery as beroep gekies het en wat hoofsaaklik van die plaasgebiede kom, is die keuses van beroepe deur studente van hierdie drie gebiede min of meer eweredig versprei.

---

5) Die opskrif van die referaat is: „Arbeidsbehoefte van die Landboubedryf in Wes-Kaapland.“

TABEL VIII: Beroepskeuses van studente volgens ekologiese herkoms

Bedryf waarin keuse val	Plaas-studente		Dorp-studente		Stad-studente	
	n	%	n	%	n	%
Boerdery	19	25.4	6	4.3	1	1.2
Diplomatieke diens	0	-	3	2.2	4	4.8
Medisyne	6	7.9	18	12.6	12	14.4
Godsdiens	10	13.3	15	10.6	6	7.3
Joernalistiek/Uitsaaiwese	0	-	1	0.7	0	-
Regswese	2	2.7	14	9.8	5	6.0
Vervoer en Kommunikasie	0	-	0	-	1	1.2
Handel	2	2.7	4	2.8	7	8.4
Onderwys	14	18.7	35	24.6	19	22.9
Hoër onderwys	1	1.3	2	1.4	0	-
Administratief: sekretar.	2	2.7	2	1.4	1	1.2
Ingenieurswese	7	9.3	13	9.2	11	13.3
Akademies: taal en lett.	0	-	2	1.4	0	-
Tegniese vakman: nat. wet.	10	13.3	23	16.2	13	15.7
Tegniese vakman: sos. wet.	2	2.7	4	2.8	3	3.6
<b>TOTAAL</b>	<b>75</b>	<b>100.0</b>	<b>148</b>	<b>100.0</b>	<b>83</b>	<b>100.0</b>

Par. 5 Persoonlike Beïnvloeding en Beroepsideale van die Ouers vir die Student

Aan studente is gevra of, afgesien van hulle eie beslissing, enige persoon 'n invloed op hulle uitgeoefen het in die keuse van hulle beroep. Die bronne van beïnvloeding is verdeel in twee kategorieë, te wete: binne gesinsver-

band bv. deur een of albei van die ouers, en buite die gesinsverband bv. deur onderwysers, skoolvriende of beroepsvoorligters op skool. Die mate van beïnvloeding is bepaal deur aan studente te vra of die beïnvloeding sterk was al dan nie.

R.L. Simpson<sup>6)</sup> het vasgestel dat daar 'n reëelmatige verband bestaan tussen beroepskeuses, persoonlike beïnvloeding en „waardes". Hy het op dieselfde wyse as wat hierbo uiteengesit is te werk gegaan om die verband van persoonlike beïnvloeding met beroepskeuses te bepaal. Die groep waarmee hy gewerk het, het bestaan uit 130 persone en sy korrelasies is geïnterpreteer op die 5% sekerheidspeil. Sy algemene bevinding was dat beïnvloeding deur die ouers nie 'n bepalende rol speel in die beroepskeuse van die kind nie maar dat beïnvloeding deur persone wat reeds in die beroep staan wat deur die student gekies is, sowel as onderwysers en lektore wel betekenisvol is m.b.t. die beroepskeuse van die student.

Die verspreiding van studente in hierdie ondersoek m.b.t. persoonlike beïnvloeding wat ondervind is in die keuse

---

6) Simpson, R.L.: "Values, Personal Influence and Occupational Choice", Social Forces, Vol. 39, 1960, pp. 116-125.

van 'n beroep, word in Tabel IX aangegee.

TABEL IX: Persoonlike beïnvloeding ondervind deur studente

	Aantal	Persentasie
<u>Beïnvloeding binne gesinsverband:</u>		
Vader	50	16.4
Moeder	12	4.0
Ouers	35	11.6
TOTAAL	97	32.0
<u>Beïnvloeding buite gesinsverband:</u>		
Familie anders as ouers	10	3.4
Onderwysers	18	6.0
Skoolvriende	8	2.8
Beroepsvoorligters op skool	15	5.0
TOTAAL	51	17.2
Geen beïnvloeding	152	50.8
GROOT TOTAAL	300	100.0

Hieruit blyk dit dat 49.2% van die studente wel persoonlike beïnvloeding ondervind. Binne gesinsverband het 32.0% deur een of albei van die ouers beïnvloeding ondervind, terwyl slegs 17.2% buite gesinsverband beïnvloeding

ondervind het. Met betrekking tot plaas-, dorp- en stadstudente het proporsioneel dieselfde hoeveelheid studente buite- en binne gesinsverband persoonlike beïnvloeding ondervind. Studente wat maatskaplik georiënteerde beroepe gekies het, het meer beïnvloeding buite die gesinsverband ondervind as studente wat ekstrinsiek- en intrinsiek georiënteerde beroepe gekies het. Laasgenoemde verspreiding is egter nie statisties beduidend nie.

In hierdie ondersoek het persoonlike beïnvloeding blykbaar geen statisties betekenisvolle verband met óf die bedryf waarin die beroepskeuse van die student val óf die beroeps-groepe óf die beroepsoriëntasies van die keuse van studente nie. Slegs 13.5% van die studente het gesê dat hulle sterk beïnvloeding ondervind het. Van hierdie 13.5% het 8.7% maatskaplik-, 3.4% intrinsiek- en 1.4% eks-trinsiek georiënteerde beroepe gekies. Laasgenoemde patroon word gedeeltelik ondersteun deur die bevindings van Simpson. Hy gebruik die begrippe „algemeen kulturele-“, „wetenskaplik estetiese-“ en „besigheidsberoep“ vir wat in hierdie ondersoek verstaan word onder maatskaplik-, intrinsiek- en ekstrinsiek georiënteerde beroepe. Simpson vind ook dat studente wat algemeen kulturele- en wetenskaplik estetiese beroepe kies, die grootste mate van

persoonlike beïnvloeding ondervind. Ons getalle in dié verband is egter te beperk om werklik 'n betekenisvolle interpretasie te gee aan die patroon.

Aangesien meeste van die beïnvloeding deur die ouers gedoen is, lyk dit asof ons algemene gevolgtrekking met betrekking tot persoonlike beïnvloeding grotendeels ooreenstem met dié van Simpson as hy formuleer: "Parental influence is more often of a vaguely supportive than of a determining nature." 7)

Ten opsigte van beïnvloeding buite gesinsverband is die getalle te beperk om betekenisvolle vergelyking met die bevindings van Simpson in dié verband te maak.

Die indirekte verband en aard van persoonlike beïnvloeding m.b.t. beroepskeuses word in beter perspektief gestel deur die bevindings aangaande die beroepsideaal van die ouers vir die kind. Aan die studente is gevra of hulle bewus was van enige beroepsideaal wat hulle vaders of moeders vir hulle gehad het. Dit het geblyk dat 37.3% van die vaders en 29.6% van die moeders wel beroepsideaale vir hulle kinders gehad het.

---

7) Ibid., p. 125.

Van studente wie se vaders beroepsidale vir hulle gehad het, het 54.9% dieselfde beroep as die beroepsidéal van die vader gekies. In verhouding tot al die studente is dit slegs 18.7% wat die beroepsidéal van die vader as beroep gekies het. Die enigste betekenisvolle verspreiding in dié verband is dat 46.1% van die studente wat boerdery as beroep gekies het, daarmee die beroepsidéal van die vader vir hulle verwesenlik het. Meer vaders van plaas-studente (41.1%) het beroepsidale vir hulle kinders gehad as dorp- (36.6%) en stad-studente (30.1%) se vaders. Laasgenoemde verspreiding is betekenisvol ( $\chi^2 = 9.8$  op 1% = 9.2). Moontlik is die verklaaring dat vaders van plaas-studente meer bewus is van die feit dat beroepsheenkome op plaasgebiede baie beperk is en dat die boerderybedryf in meeste van die gevalle slegs 'n heenkome bied aan een van die kinders in plaasgesinne. Aan die een kant is dit noodsaaklik dat die boerdery deur een van die kinders oorgeneem moet word en aan die ander kant moet die ander kinders 'n beroepsheenkome elders vind. Gevolglik sou dit moontlik wees dat vaders van plaas-studente in groter mate beroepsidale het vir hulle kinders as die vaders van dorp- en stad-studente. Afgesien egter van studente wat boerdery as beroep gekies het, het die beroeps-

ideale van die vaders origens nie verwesenliking gevind in die spesifieke beroepskeuse van die studente nie.

Daar is wel 'n beduidende verband vasgestel tussen die oriëntasie van die beroepskeuse van die student en die oriëntasie van die beroepsideaal van die vader.

In Tabelle X en XI word hierdie verband aangetoon.

TABEL X: Die beroepsoriëntasie van studente volgens die beroepsoriëntasie van die beroepsideaal van die vaders van studente

Beroepsideaal van vader	Beroepskeuse van die student					
	Maatskaplik georiënteerd		Ekstrinsiek georiënteerd		Intrinsiek georiënteerd	
	n	%	n	%	n	%
Maatskaplik georiënteerd	38	67.8	3	17.6	6	15.5
Ekstrinsiek georiënteerd	9	16.1	13	80.4	2	5.1
Intrinsiek georiënteerd	9	16.1	1	2.0	31	79.4
TOTAAL	56	100.0	17	100.0	39	100.0

$$1\% = 13.2$$

$$\chi^2 = 47.4$$

Van al die studente het 30.7% beroepe gekies met dieselfde oriëntasie as dié van die beroepsideaal van die vaders en 21.7% met dieselfde as dié van die moeders.

TABEL XI: Die beroepsoriëntasie van studente volgens die beroepsoriëntasie van die beroepsideaale van die moeders van studente

Beroepsideaal van moeder	Beroepskeuse van die student					
	Maatskaplik georiënteerd n	Maatskaplik georiënteerd %	Ekstrinsiek georiënteerd n	Ekstrinsiek georiënteerd %	Intrinsiek georiënteerd n	Intrinsiek georiënteerd %
Maatskaplik georiënteerd	40	80.3	4	57.1	10	63.4
Ekstrinsiek georiënteerd	2	4.1	3	42.9	2	5.3
Intrinsiek georiënteerd	6	15.6	0	-	22	34.3
TOTAAL	48	100.0	7	100.0	34	100.0

$\chi^2 = 13.2$

$\chi^2 = 27.1$

Interessant is hier die verskillende patronen in oriëntasie-ooreenstemming by die vaders en moeders. Die vaders van 34.2% van die studente wat ekstrinsiek georiënteerde beroepe gekies het, het beroepsideaale vir hulle seuns gehad wat in dieselfde kategorie val. By studente wat intrinsiek- en maatskaplik georiënteerde beroepe gekies het, was die ooreenstemmende persentasies 27.2% en 25.7%. Wat die beroepsideaale van die moeders betref, het 27.0% van die studente wat maatskaplik georiënteerde beroepe gekies het, ten minste in beroepsoriëntasie aan die ideaal van

die moeder voldoen, terwyl dit by studente wat intrinsiek- en ekstrinsiek georiënteerde beroepe gekies het in 19.2% en 7.8% respektiewelik die geval was. Die patronen van ooreenstemming in oriëntasies tussen die student se beroepskeuse en sy ouers se beroepsideaal is t.o.v. die vader en moeder presies omgekeerd. Die beroepsideaal van die vader is grotendeels ekstrinsiek georiënteerd terwyl dié van die moeder grotendeels maatskaplik georiënteerd is.

Die implikasies van bg. patroon is dat alhoewel die spesifieke beroepsideaal van die vader of moeder nie noodwendig deur die student verwesenlik word nie, die beklemtoning deur hulle van sekere kenmerke van die beroepsideaal — by die vader bv. hoë inkomste, by die moeder bv. diens aan die medemens — uiteindelik tog 'n werklike invloed het op die beroepskeuse van die student. Die invloed van die ouers op die beroepskeuse van die student moet dus geïnterpreteer word eerder as die ontwikkeling van 'n bepaalde oriëntasie t.o.v. beroepe in die algemeen en nie soseer as die beïnvloeding tot die keuse van 'n spesifieke beroep nie. Hierdie oriëntasie vorm deel van die persoon se lewenshouding of lewensuitkyk en die ontwikkeling daarvan deur die ouers is een van die funksies van sosialisering deur die gesin van oriëntasie.

Par. 6 Beroepskeuses en Verskille in Beroepstatus tussen Generasies

'n Ontleding is gedoen van die verband tussen beroepskeuses en die maatskaplike status van die gesin van oriëntasie sowel as die intergenerasie-verskille in beroepstatus.

Aan die student is gevra om 'n evaluasie te gee van die maatskaplike status van die gesin van oriëntasie. Die student moes sy gesin kategoriseer as welgesteld, middelklas, werkersklas of arm. Daarna is aan hom gevra of hy dink dat sy beplande beroep 'n hoër/laer of dieselfde status het as die beroep van sy vader. Naas die student se eie oordeel oor die hoër/laer of gelyke status van sy eie beroep in vergelyking met die beroep van sy vader, is mobiliteit in beroepstatus, d.w.s. verskil in status tussen die twee beroepe, vasgestel deur hulle te vergelyk in terme van die beroepsgroepkategorisering.

Die evaluasie wat die studente van die maatskaplike status van hulle gesinne van oriëntasie gemaak het, was as volg: 12.3% beskou hulle gesinne as welgesteld, 78.3% as middelklas, 9.0% as werkersklas en 0.4% as arm. Ten opsigte van die menings van studente oor die verskil in status van hulle eie beroepe en die beroepe van hulle vaders het 46.6% gedink dat hulle beplande beroep 'n hoër status

het as die beroep van hulle vaders, terwyl 48.0% en 5.3% gecoordel het dat hulle beroepe respektiewelik dieselfde en 'n laer status het. Die werklike verskil in status (volgens die beroepsgroepkategorisering wat gebruik was) tussen die beplande beroep van die student en die beroep van die vader, was as volg: 40.7% van die studente se beplande beroepe is hoër in status as die beroepe van die vaders, terwyl 55.0% dieselfde en 4.3% laer was. Dit blyk dus dat die oordeel van studente (die monster as geheel geneem), oor die verskille in beroepstatus grootliks ooreenkoms met die verskille in beroepstatus soos vasgestel d.m.v. die beroepsgroepkategorisering. Vir ons doelein-des word laasgenoemde verskil beskryf as die werklike verskil in beroepstatus.

Bestaande evaluasies deur studente van die maatskaplike status van hulle gesinne van oriëntasie, hulle oordeel van die intergenerasie-verskille in beroepstatus en die werklike verskil soos vasgestel m.b.v. die beroepsgroep-kategorisering, het betrekking gehad op al 300 studente, sonder in agneming van beroepsgroepe waarin hulle eie keuseberoep val. 'n Dergelike ontleding van die maatskaplike status en beroepstatus evaluasies is ook gedoen met in agneming van die beroepsgroepkategorisering van die stu-

dente se keuseberoep. In hierdie ontleding is t.o.v. studente slegs gebruik gemaak van die boonste twee beroeps-groepe, aangesien 97.6% van alle beroepskeuses in hierdie twee groepe val. Die totale aantal studente, en daarom beroepskeuses, betrokke in hierdie ontleding, was 293.

TABEL XIII: Studente se evaluasies van die maatskaplike status van die gesin van oriëntasie volgens beroepsgroepe

Evaluasies van gesin van oriëntasie	n	Administratief en Onafhanklik Professioneel	%	Afhanklik Professioneel en Onafhanklik Kommersieel	%
Welgesteld	14	15.6	23	11.4	
Middelklas	71	71.8	158	77.8	
Werkersklas	5	5.6	21	10.4	
Arm	0	-	1	0.4	
TOTAAL	90	100.0	203	100.0	

$$1\% = 16.8$$

$$\chi^2 = 40.7$$

In Ontleding van die gegewens in Tabel XIII toon dat daar 'n statisties beduidende verband bestaan tussen die evaluasie van studente van die maatskaplike status van hulle gesinne van oriëntasie en die beroepsgroep waarin hulle keuseberoep val. 'n Beduidend groter persentasie van studente

wat Administratiewe en Onafhanklik Professionele beroepes kies, beskou hulle gesinne as welgesteld, as wat die geval is met studente wat Afhanklik Professionele en Onafhanklik Kommersiële beroepes kies. By laasgenoemde groep studente het daar weer 'n beduidend hoër persentasie hulle gesinne as middelklas en werkersklas beskou.

'n Statisties beduidende verband is ook gevind tussen die beroepsgroepe waarin die beroepskeuses van studente val en hulle menings oor die beroepstatus-verskil tussen hulle beplande beroep en die beroep van hulle vaders.

TABEL XIII: Die oordeel van studente oor inter-generasie-verskille in beroepstatus volgens beroepsgroepe

Oordeel oor verskil in status	Beroepsgroep van Keuseberoep			
	Administratief en Onafhanklik Professioneel		Afhanklik Profes- sioneel en Onaf- hanklik Kommersieel	
	n	%	n	%
Hoër	52	57.8	84	41.6
Diesel selfde	34	37.8	107	52.5
Laer	4	4.4	12	5.9
TOTAAL	90	100.0	203	100.0

$$1\% = 16.8$$

$$\chi^2 = 28.2$$

Uit Tabel XIII is dit duidelik dat meer as die helfte (57.8%) van die studente wat Onafhanklik Professionele beroepe gekies het, van mening was dat hulle keuseberoep 'n hoër status het as die beroep van hulle vaders. Ten opsigte van studente wat Afhanklik Professionele beroepe gekies het, was dit by slegs 41.6% die geval. 'n Groter persentasie van lg. groep in vergelyking met die Onafhanklik Professionele groep het gedink dat hulle beplande beroep dieselde status het as die beroep van hulle vaders.

TABEL XIV: Die werklike intergenerasie-verskille in beroepstatus volgens die beroeps-groepe van studente

Werklike verskille in status	Administratief en Onafhanklik Professioneel		Afhanklik Professioneel en Onafhanklik Kommersieel	
	n	%	n	%
Hoër	70	77.7	50	24.6
Dieselde	19	21.1	146	71.9
Laer	1	1.2	7	3.5
TOTAAL	90	100.0	203	100.0

Die werklike intergenerasie-verskille in beroepstatus wat in Tabel XIV aangedui word, stem grootliks ooreen met bg. patroon. Met ander woorde, studente wat Administratiewe en Onafhanklik Professionele beroepe gekies het, se toe-

komstige beroepstatus was in 77.7% van die gevallen werklik hoër as dié van hulle vaders, terwyl studente wat Afhanklik Professionele en Onafhanklik Kommersiële beroepe gekies het, se toekomstige beroepstatus in slegs 24.6% van die gevallen werklik hoër was as dié van hulle vaders. Dit blyk dus dat studente wat beroepe in die boonste beroeps-groepe kies, die grootste mate van intergenerasie-styging in beroepstatus toon. Dit is egter opvallend dat meer studente wat beroepe in die laer beroepsgroep gekies het, van mening was dat hulle beplande beroep 'n hoër status het as wat werklik die geval was. Anders gestel: 41.6% was van mening dat hulle beplande beroep 'n hoër status het as die beroep van hulle vaders, terwyl dit in werklikheid volgens die gebruikte beroepsgroepkategorisering in slegs 24.6% van die keuses die geval was.

Gevalle van studente wat van mening was dat hulle keuse-beroepe 'n hoër status (sal) geniet, het veral voorgekom in die volgende beroepe (daarnaas word die persentasies aangegee van hoeveel werklik hoër status sal geniet):

	<u>Oordeel van student</u>	<u>Werklike verskil in status</u>	
Ingenieurswese	58.0%	77.4%	: te laag 19.4%
Geneeskunde	55.5%	77.8%	: te laag 22.4%
Predikantskap	54.8%	25.8%	: te hoog 29.0%
Regswese	52.3%	71.4%	: te laag 19.1%
Onderwys	50.0%	37.6%	: te hoog 12.4%

Dit blyk dus dat van die studente wat onderwys en predikantskap as beroepe gekies het, 12.4% en 29.0% respektiewelik van mening was dat hulle beplande beroep 'n hoër status het in vergelyking met dié van hulle vaders, as wat werklik die geval was. In die gevalle van al die ander beroepe hierbo genoem, het dit geblyk dat die studente wat van mening was dat hulle toekomstige beroepe 'n hoër status het as die beroepe van hulle vaders, min of meer in elke beroepsgroep in 20% van die gevalle geoordel het dat hul beplande beroep 'n laer status in vergelyking met dié van die vader het as wat wel die geval is. Ten opsigte van studente wat die onderwys en predikantskap as beroepe gekies het, is dit moontlik dat die statusbeeld van hierdie twee beroepe so duidelik by hulle gevestig is dat dit lei tot 'n oorskattting van die werklike maatskaplike status van hierdie twee beroepe. Die beperktheid van getalle t.o.v. studente wat hierdie twee beroepe gekies het, verhoed egter dat 'n meer intensiewe ontleding gemaak kan word.

Par. 7      Samevatting

- (a) Die gebruiklike indekse van sosio-ekonomiese status soos die opvoedkundige peil, beroepe en inkomstes van die

gesin van oriëntasie het elkeen afsonderlik geen statisties beduidende verband getoon met die beroepskeuses van studente nie. Uit die aard van die verspreidings t.o.v. beroep en inkomstes van die gesin van oriëntasie sou gestel kon word dat die sosio-ekonomiese status van studente se gesinne relatief gelyk is.

(b) Die samestelling van die gesin van oriëntasie het geblyk geen betekenisvolle verband te hou met die beroepskeuses van studente nie.

(c) Alhoewel daar verskille was in die opvoedkundige peil van die gesinne van studente van verskillende herkoms, het hierdie verskynsel saam met die herkoms van studente geen statisties betekenisvolle rol gespeel in die beroepskeuses van studente nie. Dit het geblyk uit die bedryf waarin die beroepskeuses van studente val dat plaas-, dorp- en stad-studente in dieselfde mate bewus is van die moontlikeheid van beroepsheenkome. Met ander woorde, die verspreiding van beroepskeuses van plaas-studente het nie betekenisvol verskil van dié van dorp- en stad-studente nie.

(d) Die sosialiseringsinvloed van die ouers op die beroepskeuses van studente het geblyk uit die oriëntasies van studente tot beroepe. 'n Beduidende aantal studente

het beroepe gekies met dieselfde oriëntasies as die beroepsidale wat die ouers vir hulle gehad het. Die beroepsidale van die vaders was grootliks ekstrinsiek georiënteerd, terwyl dié van die moeders grootliks maatskaplik georiënteerd was.

(e) Studente in die boonste beroepsgroep, d.w.s. die Administratiewe en Onafhanklik Professionele beroepsgroep, het 'n groter mate van intergenerasie-styging in beroepstatus ondergaan as studente wie se beroepskeuses in die laer beroepsgroep val.

(f) Die bevindings omtrent die verband tussen maatskaplike omstandighede en beroepskeuses kan uiteindelik as volg saamgevat word: (i) Die maatskaplike faktore soos sosio-ekonomiese status, gesinsamestelling en ekologiese herkoms het nie 'n statisties beduidende verband getoon met die beroepskeuses van studente nie. (ii) 'n Statisties beduidende verband is wel vasgestel tussen beroepskeuse en persoonlike faktore soos beïnvloeding aan die kant van die ouers en studente se oordele oor intergenerasiever skille in beroepstatus. In die laaste hoofstuk word die samehang tussen beroepskeuse en maatskaplike faktore in die algemeen geïnterpreteer in perspektief van die steekproef as geheel.

---

## HOOFSTUK IV

### BEROEPSKOEUSES EN OORWEGINGS

#### Par. 1 Inleidend

Oorwegings is reeds operasioneel gedefinieer as die redes wat studente aangee waarom hulle 'n spesifieke beroep gekies het. Die lys van oorwegings wat aan studente voorgelê is, het bestaan uit die volgende:

- (a) Dit stel my in die geleentheid om my potensialiteit/bevoegdhede/vermoëns te gebruik.
- (b) Dit stel my in staat om die resultate van my arbeid te sien.
- (c) Dit stel my in die geleentheid om van diens tot ander/medemens/volk/samelewing te wees.
- (d) Dit stel my in die geleentheid om met my verstand/intellek te werk.
- (e) Dit verseker 'n veilige/bestendige toekoms: dit gee sekuriteit.
- (f) Dit stel my in die geleentheid om skeppend/oorspronklik/produktief te werk.
- (g) Dit stel my in die geleentheid om met mense eerder as met "dinge" te werk.
- (h) Dit stel my in staat om leiding te neem.
- (i) Dit stel my in die geleentheid om vry van die toesig/beheer/gesag van ander te werk.
- (j) Dit stel my in die geleentheid om 'n hoë inkomste/geld te verdien.

- (k) Dit stel my in die geleentheid om prestige/status/aansien/agting te bekom.
- (l) Dit stel my in die geleentheid om 'n avontuurlike lewe te lei.
- (m) Ek voel my daartoe deur God geroepe.
- (n) Dit was van kleinsaf my begeerte.
- (o) Dit stel my in die geleentheid om vinnig vooruit te gaan/bevorder te word/posisie te kry.
- (p) Dit stel my in staat om in die natuur/buitelug te werk.
- (q) Dit stel my in die geleentheid om met tegniese apparaat/toerusting/masjinerie te werk.
- (r) My vader/ouers het dit verwag.
- (s) Ek het nie geld om iets anders te word nie.

In Par. 3 van Hoofstuk I is daarop gewys dat oorwegings primêr verband hou met persoonlike motivering (van die student om 'n bepaalde beroep te kies), maar dat daar in oorwegings ook 'n waarde-element aanwesig sou kon wees. Hierdie kwalifisering beteken dat die oorwegings wat aan studente voorgehou is, nie streng binne dieselfde "dimensie" of op dieselfde vlak van abstraksie geformuleer is nie. Hierdie feit moes ook reeds duidelik geword het by die deurlees van die lys van oorwegings. Die ondersoeker was by die samestelling van hierdie lys heeltemal bewus van hierdie posisie, maar dit is doelbewustelik so gelaat omdat hier-

die as 'n oriënteringstudie beskou is. Daar is gehoop dat die empiriese bevindings van hierdie ondersoek juis 'n bydrae sou doen tot meer bevredigende kategoriserings vir toekomstige gebruik. Die feit dat sekere van die ingeslotte oorwegings meer „abstrak” of algemeen as ander is, d.w.s. as 'n rede vir 'n groter verskeidenheid van beroepskeuses kan dien, en die feit dat sekere oorwegings meer direk verband hou as ander met die spesifieke bevrediging wat die student verwag om uit die beroep te kry, is in aanmerking geneem in die ontleding wat volg.

Studente is gevra om die lys van oorwegings deur te lees en aan te dui of die oorwegings in die keuse van hulle beroep baie belangrik, minder belangrik of glad nie belangrik was nie. Daarna moes die studente die oorwegings wat hulle as baie belangrik aangedui het, rangskik in volgorde vanaf die heel belangrikste. Slegs die eerste drie keuses van hierdie rangskikking is gebruik in die ontleding wat volg.

Ten eerste word vasgestel of daar 'n statisties beduidende verband bestaan tussen die keuseberoep van die studente en die oorwegings wat hulle aangee waarom hulle die beroep gekies het. Ten tweede word vasgestel of daar 'n statisties beduidende samehang is tussen oorwegings en die be-

roepsoriëntasie waarin die keuseberoep van studente val.

Par. 2 Die Relatiewe Belangrikheid van Oorwegings

In Tabel XV word die oordele van studente oor die relatiewe belangrikheid van oorwegings aangegee. Meer as die helfte van die studente het die volgende oorwegings as baie belangrik beskou: dit stel my in die geleentheid om my potensialiteit/bevoegdhede/vermoëns te gebruik (78.7%); dit stel my in die geleentheid om die resultate van my arbeid te sien (69.6%); dit stel my in die geleentheid om van diens tot ander/medemens/volk/samelewing te wees (68.9%); dit stel my in die geleentheid om met my verstand/intellek te werk (65.9%); dit verseker 'n veilige/bestendige toekoms: dit gee sekuriteit (63.3%); dit stel my in die geleentheid om skeppend/oorspronklik/produktief te wees (62.9%); dit stel my in die geleentheid om met mense eerder as met "dinge" te werk (50.9%). Al die ander oorwegings is deur minder as die helfte van die studente as baie belangrik beskou. Die oorwegings: ek het nie geld om iets anders te word nie, en, my vader/ouers het dit verwag, is deur die kleinste persentasie studente, 1.3% en 6.3% onderskeidelik, as baie belangrik beskou en deur die grootste persentasie van studente, 85.0% en 68.0%

TABEL XV: Studente se oordeel oor die belangrikheid van oorwegings

OORWEGING*	BAIE BELANGRIK	MINDER BELANGRIK	GLAD NIE BELANGRIK			
	n	%	n	%	n	%
Kan my potensialiteite/bevoegdhede/vermoëns gebruik	236	78.7	53	17.7	11	3.6
Kan die resultate van my arbeid sien	209	69.6	71	23.7	20	6.7
Kan van diens tot medemens/volk/samelewing/ander wees	207	68.9	84	27.9	9	3.2
Kan met my verstand/intellek werk	198	65.9	93	30.9	9	3.2
Versetker 'n veilige bestendige toekoms: gee sekuriteit	190	63.3	87	28.9	23	7.8
Kan skeppend/oorspronklik/produktief wees	189	62.9	92	30.7	19	6.4
Kan met mense eerder as "dinge" werk	153	50.9	70	23.4	77	26.7
Godgeroepenheid	111	36.9	90	29.9	99	33.2
Dit was van kleinsaf my begeerte	93	30.9	90	29.9	117	39.2
Stel my in staat om leiding te neem	88	29.3	175	58.3	37	12.4
Kan vinnig vooruit gaan/posisie kry/bevorder word	82	27.3	157	52.4	61	30.3
Kan in die natuur/buitelug werk	73	24.3	58	19.4	169	56.3
Kan vry van toesig/gesag/beheer van ander werk	63	20.9	149	49.7	88	29.4
Kan met tegniese apparaat/toerusting/masjinerie werk	58	19.3	66	21.9	176	57.8
Kan hoe inkomste/geld verdien	42	13.9	191	63.6	67	22.5
Kan prestige/status/aansien/agting bekom	40	13.3	176	58.7	84	28.0
Kan 'n avontuurlike lewe lei	26	8.6	161	53.6	113	37.8
Dit was vader/ouers se verwagting	19	6.3	77	25.7	204	68.0
Gebrek aan geld om iets anders te word	4	1.3	41	13.7	255	85.0

\* N in die geval van elke oorwegin = 300

onderskeidelik, as glad nie belangrik beskou. Die oorwegings: dit stel my in die geleentheid om prestige/status/aansien/agting te bekom, en, dit stel my in die geleentheid om 'n hoë inkomste/geld te verdien, is deur baie klein persentasies studente (13.3% en 13.9% onderskeidelik), as baie belangrik beskou. Hierdie twee oorwegings is as glad nie belangrik beskou deur 28.0% en 22.5% van die studente onderskeidelik, terwyl meer as die helfte van die studente hierdie oorwegings as minder belangrik beskou het in die keuse van hulle beroepe.

Die drie oorwegings wat deur studente as die belangrikste beskou was waarom hulle hulle beplande beroepe gekies het, word in Tabel XVI aangegee. Die oorwegings wat deur die grootste persentasies van studente as eerste keuses genoem is, is die volgende: ek voel my daartoe deur God geroepe (18.0%); dit stel my in die geleentheid om van diens tot ander/medemens/volk/samelewing te wees (14.7%); dit stel my in die geleentheid om my potensialiteite/bevoegdhede/vermoëns te gebruik (12.4%); dit verseker 'n veilige/bestendige toekoms: dit gee sekuriteit (11.3%). Al die ander oorwegings is elk deur minder as 10.0% van die studente as eerste keuse genoem. Die oorweging van Godgeroepenheid is in vergelyking met die ander drie meer dik-

TABEL XVI: Die frekvensie waarmee elkeen van die oorwegings as eerste, tweede en derde belangrikste oorweging vir beroepskeuses gerangskik is

	EERSTE KEUSE		TWEDE KEUSE		DERDE KEUSE	
	n	%	n	%	n	%
Godgeroepenhed	54	18.0	18	6.0	8	2.7
Kan van diens tot ander/medemens/volk/samelewing wees	44	14.7	52	17.3	24	8.0
Kan my potensialiteit/bevoegdhede/vermoëns gebruik	37	12.4	29	9.7	41	13.7
Verseker 'n veilige/bestendige toekoms: gee sekuriteit	34	11.3	35	11.7	29	9.7
Kan in die natuur/buitelug werk	27	9.0	10	3.3	12	4.0
Kan met mense eerder as met "dinge" werk	25	8.3	25	8.3	27	9.0
Dit was van kleinsaf my begeerte	17	5.7	5	1.7	14	4.7
Kan die resultate van my arbeid sien	14	4.7	24	8.0		
Kan skeppend/oorspronklik/produktief werk	12	4.0	28	9.3	24	8.0
Kan met my verstand/intellek werk	10	3.3	29	9.7	30	10.0
Kan met tegniese apparaat/toerusting/masjinerie werk	9	3.0	10	3.3	2	0.7
Kan vinnig vooruit gaan/bevorder word/posisie kry	5	1.7	10	3.3	7	2.3
Kan 'n avontuurlike lewe lei	4	1.3	2	0.7	4	1.3
Kan 'n hoë inkomst/geld verdien	3	1.0	3	1.0	7	2.3
Kan vry van die toesig/gesag/belheer van ander werk	3	1.0	8	2.7	11	3.7
Dit stel my in staat om leiding te neem	1	0.3	3	1.0	7	2.3
Gebrek aan geld om iets anders te word	1	0.3	0	-	0	-
Kan prestige/status/aansien/agting bekom	0	-	4	1.3	5	1.7
Dit was vader/ouers se verwagting	0	-	1	0.3	3	1.0
Geen keuse aangedui	0	-	4	1.4	18	5.9
<b>TOTALE</b>	<b>300</b>	<b>100.0</b>	<b>300</b>	<b>100.0</b>	<b>300</b>	<b>100.0</b>

wels as eerste keuse aangegee en in 'n mindere mate as tweede (6.0%) en derde (2.7%) keuse. By die oorwegings: dit stel my in die geleentheid om van diens tot ander/medemens/volk/samelewing te wees, dit stel my in die geleentheid om my potensialiteite/bevoegdhede/vermoëns te gebruik, en, dit verseker 'n veilige/bestendige toekoms: dit gee sekuriteit, is daar 'n meer konstante patroon vir sover as wat min of meer dieselfde persentasie studente hierdie oorwegings as eerste, tweede en derde keuses genoem het. Die 54 studente (18.0% van die monster), wat Godgeroepenheid as eerste keuse aangegee het, het al 31 (57.4% van die 54) wat van plan is om predikant te word, ingesluit. Dit is waarskynlik alleen te verwag, gegee die opname van Godgeroepenheid in die lys van oorwegings, dat studente wat predikante gaan word, dit as belangrikste oorweging in hulle beroepskeuse sal noem. Hierdie oorweging staan klaarblyklik op 'n ander vlak as die res in die lys. Dit is egter moontlik dat studente „moreel" verplig gevoel het, of gekompromitteer was tot die aanwysing van hierdie oorweging as die belangrikste een. Uit 'n ontleding waarin Godgeroepenheid as belangrikste oorweging heeltemal buite rekening gelaat is deur die tweede keuse van persone wat Godgeroepenheid as eerste keuse gehad het, as hulle eerste keuse te tel, blyk dit dat die oorwegings wat deur die

hoogste persentasies van studente as eerste keuse genoem is, die volgende is: dit stel my in die geleentheid om van diens tot ander/medemens/volk/samelewing te wees (24.3%); dit stel my in die geleentheid om my potensialiteite/bevoegdhede/vermoëns te gebruik (15.3%); dit verseker 'n veilige/bestendige toekoms: dit gee sekuriteit (11.7%). Die oorweging wat in hierdie herberekening die grootste verandering in frekwensie toon, was: dit stel my in die geleentheid om van diens tot ander/medemens/volk/samelewing te wees. Dit beteken dat die groot meerderheid van studente wat Godgeroepenheid as eerste keuse noem, diens aan ander/medemens/volk/samelewing as tweede keuse noem.

Indien die eerste drie keuses van oorwegings deur studente aangegee, bymekaar getel word, dan blyk dit dat 40.0% van die studente diens aan die medemens as een van die belangrikste oorwegings beskou waarom hulle hulle beroepe gekies het, terwyl 35.8% die gebruik van hulle potensialiteite of vermoëns en 32.7% sekuriteit as een van die belangrikste oorwegings beskou.

Par. 3 Oorwegings en die Bedryf van die Keuseberoep van Studente

Die verskillende bedrywe waarin die beroepskeuses van stu-

dente val volgens die oorwegings of belangrikste redes wat hulle aangee waarom hulle die beroepe gekies het, word in Tabel XVII aangegee. Die verband tussen hierdie kategorisering van beroepskeuses en oorwegings is statisties beraamend.

Dit is opvallend dat in die meerderheid van gevalle die oorwegings wat aangegee is vir 'n spesifieke beroepskeuse, inhoudelik verband hou met die aard van daardie beroep. Van die studente wat bv. boerdery as beroep gekies het, het 46.1% gesê dat hulle belangrikste oorweging was dat dit hulle in staat sou stel om in die natuur of buitelug te lewe, terwyl 50.0% van die studente wat geneeskunde as beroep gekies het, gesê het dat diens aan ander/medemens/volk/samelewing die belangrikste rede was waarom hulle die beroep gekies het. Al die studente wat predikantskap as beroep gekies het, het Godgeroopenheid as belangrikste oorweging genoem. Studente wat ingenieurswese as beroep gekies het, het in 22.7% van die gevalle as belangrikste oorweging beskou die feit dat hulle met tegniese apparaat/toerusting of masjinerie kon werk. Handelstudente het in 38.5% van die gevalle sekuriteit as belangrikste oorweging genoem, terwyl studente wat onderwys as beroep gekies het in 20.3% van die gevalle die feit dat hulle met

TABEL XVII: Oorwegings volgens bedryf waarin keuseberoep val

	BEDRYF WAARIN KEUSEBEROEP VAN STUDENT VAL																														
	OORWEGING		Landbou		Diploma- matiese Diens		Medisyne		Gods- diens		Joerna- listiek		Regswese		Vervoer		Handel		Onderwys		Hoër Onderw.		Adm.: Sekr.		Tegn. Inge- nieur		Akad. Taal + nat.wet.		Tegn. vakman: sos.wet.		
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%			
Kan my potensialiteite/bevoegdhede/vermoëns gebruik																															
Kan die resultate van my arbeid sien	1	3.8			2	28.6			1	100.0	5	23.9			2	15.4	13	18.8	3	9.7	10	21.7	2	22.2							
Kan van diens tot ander/medemens/volk/samelewing wees	3	11.5			2	5.5			1	4.8			1	1.4			3	9.7	1	50.0	3	6.5									
Kan met my verstand/intellek werk																															
Verseker veilige/bestendige toekoms: gee sekuriteit	1	3.8	1	14.3	2	5.5			2	9.5	1	100.0	1	7.7	2	2.9	1	50.0	2	6.4	1	2.2									
Kan skeppend/oorspronklik/produktief wees	3	11.5															5	38.5	9	13.0	3	60.0	4	12.9	7	15.2	1	11.1			
Kan met mense eerder as "dinge" werk																	2	9.5	1	7.7	2	2.9	1	7.7	3	6.5					
Godgeroepenheid																	4	19.0			14	20.3	1	50.0	1	2.2	3	33.4			
Dit was van kleinsaf my begeerde	4	15.4			8	22.2	31	100.0									1	7.7	5	7.2			1	3.2			4	8.7			
Dit stel my in staat om leiding te neem	1	3.8	1	14.3	1	2.8			2	9.5							6	8.7			1	3.2			4	8.7					
Kan vinnig vooruit gaan/bevorder word/posisie kry																	1	4.8	2	15.4	2	2.9	1	20.0							
Kan in die natuur/buitelug werk	12	46.1			1	2.9											4	5.8			3	9.7	8	17.4							
Kan vry van toesig/apparaat/beheer van ander werk																	1	4.7			1	1.4			1	3.2					
Kan met tegniese apparaat/toerusting/masjinerie werk	1	4.1	1	14.2													7	22.7			2	4.4									
Kan 'n hoe inkomste/geld verdien																	1	7.6	1	0.3			1	20.0							
TOTALE	26	100.0	7	100.0	36	100.0	31	100.0	1	100.0	21	100.0	1	100.0	13	100.0	69	100.0	2	100.0	5	100.0	31	100.0	2	100.0	46	100.0	9	100.0	

$$1\% = 63.6$$

$$\chi^2 = 84.5$$

mense eerder as met „dinge“ kon werk as die belangrikste rede vir hulle beroepskeuse beskou het. Vir studente wat natuurwetenskaplike tegniese vakman as beroep gekies het, was dir vir 21.7% van die grootste belang om hulle potensialiteite/bevoegdhede of vermoëns te gebruik in die beoefening van hulle beplande beroepe, en dieselfde oorweging was vir 23.9% van die studente wat regswese as beroep gekies het ook die belangrikste.

Dit blyk verder dat oorwegings wat op 'n laer vlak van abstraksie geformuleer is, soos: dit stel my in die geleentheid om in die natuur/buitelug te werk en, dit stel my in die geleentheid om met tegniese apparaat/toerusting/masjinerie te werk, in die meerderheid van gevalle gekonsentreerd voorkom by spesifieke beroepe, bv. boerdery en ingenieurswese. Daarenteen kom oorwegings wat op 'n meer algemene vlak van abstraksie geformuleer is, soos: dit stel my in die geleentheid om van diens tot ander/medemens/volk/samelewing te wees en, dit stel my in die geleentheid om my potensialiteite/bevoegdhede.vermoëns te gebruik, by byna al die beroepe voor. Sommige van die oorwegings wat wel op 'n meer algemene vlak van abstraksie geformuleer is, kom nietemin in 'n groter mate by sommige beroepe voor as in ander. Byvoorbeeld die oorwegings:

dit stel my in die geleentheid om my potensialiteit/bevoegdhede/vermoëns te gebruik en, dit stel my in die geleentheid om skeppend/oorspronklik of produktief te wees, geld by 'n groter persentasie van studente in die beroeps-kategorieë van natuurwetenskaplike tegniese vakman, boerdery en ingenieurswese as wat die geval is by studente wat onderwys en geneeskunde as beroepe gekies het. Aan die ander kant is die oorweging: dit stel my in die geleentheid om van diens tot ander/medemens/volk/samelewing te wees, deur 'n groter persentasie van studente met lg. twee beroepe as belangrikste oorweging genoem.

Dit wil dus voorkom asof daar 'n taamlike duidelike patroon is van oorwegings wat genoem is by die keuse van spesifieke beroepe. Die oorwegings wat van meer praktiese aard is, word deur studente genoem wat beroepe kies waarin die praktiese oorweging direk relevant is. Studente wie se keuseberoep inhoudelik van mekaar verskil, gee t.o.v. oorwegings wat op 'n meer algemene vlak van abstractie geformuleer is, voorkeur aan verskillende van hierdie oorwegings.

Die patroon van oorwegings en beroepskeuses wat hierbo geblyk het, word grootliks herhaal t.o.v. die tweede en derde keuses van oorwegings deur studente. Waar die

meerderheid van studente wat bv. ingenieurswese as beroep kies se belangrikste oorweging die feit is dat hulle met tegniese apparaat of toerusting kan werk, is hulle tweede en derde keuse van oorweging meesal verwant aan die belangrikste oorweging. In die geval van ingenieurs-studente is die geleentheid wat die beroep die persoon bied om skeppend/oorspronklik of produktief te werk as tweede keuse genoem. Dit beteken nie dat studente wat bv. ingenieurswese as beroep kies, nie ook ander oorwegings noem nie. Dit gaan hier egter net oor oorwegings wat deur die grootste persentasie van studente binne elke beroep giekies is.

Ten opsigte van studente wie se keuseberoep in die volgende kategorieë gevallen het: diplomatieke diens, joernalistiek en uitsaaiwese, vervoer en kommunikasie, administratief:sekretarieel, akademis: taal en lettere en sosiaalwetenskaplike tegniese vakman, was die getalle te klein om betekenisvolle afleidings oor die patroon van oorwegings te maak.

Dit is dus geldig om o.g.v. die voorafgaande te veralgemeen dat studente in die betrokke monster 'n duidelike differensiasie in beroepsoorwegings vertoon, en dat verskille

in oorwegings betekenisvol saamhang, beide inhoudelik en statisties beduidend, met verskille in spesifieke beroepskeuses.

Par. 4 Oorwegings en Beroepsoriëntasies van Studente

'n Statisties beduidende verband is vasgestel tussen die beroepsoriëntasie waarin die keuseberoep van studente val en die oorwegings wat deur studente genoem is. Die vergelyking van bg. twee faktore word in Tabel XVIII aangegetoon. Die patroon wat hier blyk, is dat studente wat maatskaplik-, ekstrinsiek- en intrinsiek georiënteerde beroepe kies, voorkeur gee aan verskillende oorwegings wat hulle as die belangrikste redes beskou waarom hulle die beroepe gekies het. Die oorwegings: ek voel my daar toe deur God geroepe, dit stel my in die geleentheid om van diens tot ander/volk/medemens/samelewing te wees en, dit stel my in die geleentheid om met mense eerder as met "dinge" te werk, is deur 'n groter persentasie van studente wat maatskaplik georiënteerde beroepe gekies het, beskou as die belangrikste oorwegin in die keuse van hulle beroepe as wat die geval was by studente wat ekstrinsiek en intrinsiek georiënteerde beroepe gekies het. Studente wat ekstrinsiek georiënteerde beroepe gekies het, het in vergelyking met studente wat intrinsiek en maatskaplik

TABEL XVIII: Oorwegings volgens die oriëntasie van die keuseberoep

BEROEPSORIENTASIE

OORWEGING

MAATSKAPLIK  
GEORIËNTEERD  
n %

EKSTRINSIEK  
GEORIËNTEERD  
n %

INTRINSIEK  
GEORIËNTEERD  
n %

OORWEGING	MAATSKAPLIK GEORIËNTEERD n %	EKSTRINSIEK GEORIËNTEERD n %	INTRINSIEK GEORIËNTEERD n %
Kan 'n avontuurlike lewe lei	2 1.3	0 -	2 1.7
Kan prestige/status/aansien/agting bekom	0 -	0 -	0 -
Kan my potensialiteit/bevoegdhede/vermoëns gebruik	17 11.5	6 15.8	15 13.1
Kan die resultate van my arbeid sien	6 4.0	0 -	8 7.0
Kan hoeë inkomste/geld verdien	0 -	1 2.6	2 1.7
Kan skeppend/oorspronklik/produktief wees	1 0.7	1 2.6	10 8.8
Kan van diens wees tot ander/medemens/volk/samelewings	30 20.3	4 10.5	10 8.8
Dit was van kleinsaf my begeerte	7 4.7	2 5.3	8 7.0
Kan vinnig vooruit gaan/bevorder word/posisie kry	1 0.7	4 10.5	0 -
Dit was vader/ouers se verwagting	0 -	0 -	0 -
Kan in die natuur/buitelug lewe	4 2.7	0 -	23 20.2
Kan met mense eerder as met "dinge" werk	20 13.5	4 10.5	1 0.9
Verseker 'n veilige/bestendige toekoms: gee sekuriteit	11 7.4	10 26.3	13 11.4
Kan met tegniese apparaat/toerusting/masjinerie werk	0 -	0 -	9 7.8
Dit stel my in staat om leiding te neem	0 -	1 2.6	0 -
Godgeroopenheid	43 29.0	1 2.6	9 7.8
Gebrek aan geld om iets anders te word	0 -	0 -	1 0.9
Kan met my verstand/intellek werk	4 2.7	3 7.9	3 2.9
Kan vry van die toesig/gesag/beheer van ander werk	2 1.5	1 2.8	0 -
TOTaal	148 100.0	38 100.0	114 100.0

$$1\% = 34.8$$

$$x^2 = 64.7$$

georiënteerde beroepe gekies het, voorkeur gegee aan sekeriteit en om vinnig vooruit te gaan/posisie te kry/bevorder te word as belangrikste oorwegings. Die oorwegings: dit stel my in die geleentheid om in die natuur/buitelug te werk, dit stel my in die geleentheid om met tegniese apparaat/toerusting/masjinerie te werk, en, dit stel my in die geleentheid om skeppend/oorspronklik/produktief te werk, is deur 'n groter persentasie van studente wat intrinsiek georiënteerde beroepe gekies het as belangrikste oorwaging genoem, as wat dit die geval was by studente wat maatskaplik en ekstrinsiek georiënteerde beroepe gekies het.

Dit wil dus voorkom asof studente wie se beroepskeuses as maatskaplik-, ekstrinsiek- en intrinsiek georiënteerd gekategoriseer is, oorwegings noem wat ooreenstem met die aard van die oriëntasie van hulle keuseberoep. Hierdie samehang of patroon kan ook so geïnterpreteer word dat met reg van maatskaplik-, ekstrinsiek- en intrinsiek- georiënteerde oorwegings gepraat sou kon word. Die volgende oorwegings sou maatskaplik georiënteerd genoem kon word: ek voel my daartoe deur God geroepe, dit stel my in die geleentheid om van diens tot ander/medemens/volk/samelewing te wees en, dit stel my in die geleentheid om met

mense eerder as met „dinge“ te werk. Ekstrinsiek-georiënteerde oorwegings sou wees: dit verzekер 'n veilige/bestendige toekoms: dit gee sekuriteit, terwyl intrinsiek-georiënteerde oorwegings sou wees: dit stel my in die geleentheid om in die natuur/buitelug te werk, dit stel my in die geleentheid om met tegniese apparaat/toerusting/masjinerie te werk en, dit stel my in die geleentheid om skeppend/oorspronklik/produktief te werk.

Daar dien op gelet te word dat die oorweging: dit stel my in die geleentheid om my potensialiteite/bevoegdhede/vermoëns te gebruik, min of meer deur dieselfde persentasie studente met maatskaplike-, ekstrinsiek- en intrinsiek georiënteerde beroepskeuses, as belangrikste oorweging genoem is. Blykbaar is die oorweging op so 'n algemene vlak van abstraksie geformuleer dat dit, afgesien van die oriëntasie van die beroep, as belangrikste oorweging genoem sou kon word.

Die kategorisering van beroepe volgens oriëntasies wat aan die begin van die ondersoek opgestel is, is in alle gevalle behalwe een deur die patroon van oorwegings gesubstansieer. Die ontleding van oorwegings bevestig dat beroepe soos onderwys, geneeskunde en predikantskap maat-

skaplik georiënteerd is; beroepe soos boerdery, natuurwetenskaplike tegniese vakman en ingenieurswese intrinsiek georiënteerd is, terwyl handelsberoep ekstrinsiek georiënteerd is. Ten opsigte van studente wat regswese as beroep gekies het, is daar egter minder duidelikheid. Van hierdie studente het 23.9% gesê dat die geleentheid om hulle potensialiteite/bevoegdhede/vermoëns te gebruik die belangrikste rede was waarom hulle die beroep gekies het, terwyl 19.0% die feit dat hulle met mense eerder as met „dinge“ werk, as die belangrikste rede beskou. Regswese as beroep is oorspronklik as ekstrinsiek gekategoriseer, terwyl die oorweging: dit stel my in die geleentheid om met mense eerder as met „dinge“ te werk eintlik maatskaplik georiënteerd is. In die algemeen lyk dit egter geldig om te formuleer dat studente wat beroepe kies met 'n bepaalde oriëntasie, gemeenskaplike oorwegings het wat hulle as die belangrikste redes beskou waarom hulle daar die beroep gekies het.

#### Par. 5 Oorwegings en ander Veranderlikes

Die beroepsoorwegings van studente is ook vergelyk met hulle ekologiese herkoms, die opvoedkundige peil van die ouers en met die aantal jare wat die student op universiteit is. Ten opsigte van hierdie faktore is egter geen

beduidende statistiese verbande vasgestel nie.

Par. 6      Samevatting van Bevindings i.v.m. Oorwegings

- (a) Die meerderheid van studente beskou die volgende oorwegings as die belangrikste redes vir hulle beroepskeuses: dit stel my in die geleentheid om van diens tot ander/medemens/volk/samelewing te wees, dit stel my in die geleentheid om my potensialiteite/bevoegdhede/vermoëns te gebruik, en, dit verseker 'n veilige/bestendige toekoms: dit gee sekuriteit.
- (b) Die formele oorwegings wat studente i.v.m. hulle beroepskeuses aangee, hang saam met die verwagtings t.o.v. bevredigings, wat hulle van die beroep koester.
- (c) Daar is 'n duidelike en konsekiente samehang tussen bepaalde beroepsoorwegings en bepaalde oriëntasies van die betrokke beroepe.
- (d) Geen beduidende statistiese verband bestaan tussen die oorwegings wat studente noem en faktore soos die ekologiese herkoms en opvoedkundige peil van die gesin van oriëntasie van studente en die aantal jare wat studente op universiteit is nie.

Par. 7 Empiriese Bevindings en die Kategorisering van Oorwegings

In die samestelling van die lys van oorwegings wat in hierdie ondersoek gebruik is, is as volg te werk gegaan: 'n voorlopige lys is opgestel aan die hand van studies wat in dié verband gedoen is en o.g.v. die oordeel van die onderzoeker self. Die lys, so saamgestel, het oorwegings (a)-(l) (Par. 1) ingesluit. Daarna is 'n klein voorlopige ondersoek onder studente gedoen, waarin aan hulle gevra is wat die belangrikste rede was waarom hulle hul beplande beroepe gekies het. Hierdie vraag was heeltemal oop en geen suggesties van spesifieke oorwegings is gemaak nie. Oorwegings deur studente genoem, waarvoor nie in die reeds bestaande lys (a)-(l) voorsiening gemaak is nie, is toe tot hierdie lys bygevoeg as oorwegings (m)-(s) (in Par. 1).

Hierdie wyse van samestelling van die 19 oorwegings wat uiteindelik gebruik is, het meegebring, soos reeds gesê, dat die oorwegings op verskillende vlakke van abstraksie geformuleer was. Omdat die onderzoeker hierdie as 'n oriënteringstudie beskou, is die lys in hierdie vorm aan studente voorgelê om hulle die beste geleentheid te gee om 'n oorwesing te vind wat presies die rede vir hulle be-roepskeuse formuleer.

Die empiriese bevindings i.v.m. die beroepsoorwegings wat in die voorafgaande Paragrawe gestel is, suggereer dat dit wenslik sou wees om in die samestelling van lyste van beroepsoorwegings vir toekomstige navorsing die volgende in gedagte te hou:

- (a) Die oorwegings moet sover moontlik op dieselfde logiese analitiese vlak geformuleer word.
- (b) Daar moet onderskei word tussen algemene oorwegings wat sou kon geld t.o.v. alle of meeste beroepe en inhoudelike verwagtings t.o.v. die bevrediging wat die beoefening van 'n bepaalde beroep bring.
- (c) Oorwegings wat verband hou met die uiteindelike beroepsituasie en dié wat verband hou met die situasie waarin die keuse gemaak word, moet uitmekaar gehou word. 'n Voorbeeld van lg. uit die lys van oorwegings wat gebruik is, is: "ek het nie geld om iets anders te word nie."
- (d) Oorwegings wat so geformuleer is dat daar 'n element van kompromittering of verpligting tot die keuse daarvan is, moet vermy word. Die oorweging: "ek voel my daartoe deur God geroepe", is 'n voorbeeld hiervan. Indien so 'n oorweging ingesluit word, is dit waarskynlik dat 'n groot

aantal persone moreel verplig voel om dit in ag te neem  
wanneer hulle oorwegings aangee vir die keuse van hulle  
beroep.

---

## HOOFSTUK V

### SAMEVATTING EN INTERPRETASIE

#### Par. 1 Inleidend

- (a) Die doel van die ondersoek is in Hoofstuk I geformuleer as: die vasstelling en sosiologiese interpretasie van die patroon van beroepskeuses van manlike universiteitstudente deur die ontleding van die verband tussen hierdie gegewens en (i) oorwegings wat die betrokke persone aangegee as die belangrikste redes vir bepaalde beroepskeuses, asook (ii) sekere maatskaplike omstandighede waaronder hierdie beroepskeuses gedoen word.
- (b) In die uitvoering van hierdie doelstelling - d.w.s. die vasstelling van die patroon van beroepskeuses, is gewerk met 'n verteenwoordigende 10% monster van mansstudente. Dit beteken dat die (enkelvoudige) verspreidings van studente t.o.v. sekere maatskaplike faktore, beroepskeuses en oorwegings 'n geldige en verteenwoordigende beeld gee van die betrokke universiteit se mansstudente t.o.v. hierdie faktore. Afgesien of naas die patroon van beroepskeuses wat vasgestel is deur die statisties beduidende saamhang tussen die relevante veranderlikes na te gaan, bring die resultate van die ondersoek dus ook 'n beskrywing

van belangrike maatskaplike kenmerke van die betrokke universiteite se mansstudente. Vir sover die daarstelling van 'n patroon van beroepskeuse interpretasie en verklaring impliseer, is die beskrywing van die samestelling van die monster logies 'n vereiste vir enige sodanige interpretasies en verklaring. Die hieropvolgende Paragrawe (2-5) se inhoud is 'n kort beskrywing van die maatskaplike en ekologiese agtergrond van studente, hulle beroepskeuses en oorwegings in verband daarmee, asook die rol van persoonlike beïnvloeding in beroepskeuses.

Par. 2 Die Ekologiese en Sosio-ekonomiese Agtergrond van Studente

- (a) Die meerderheid van studente (72.3%) is van plase en/of dorpe afkomstig en het ook hulle hoërskoolopleiding op die platteland ontvang. 'n Baie klein aantal studente het van woonplek verwissel tydens hulle hoërskoolopleiding, en oor die algemeen het studente van plattelandse en stedelike herkoms hulle skoolopleiding onderskeidelik in die platteland en stad ontvang.
- (b) Die sosio-ekonomiese status van die gesinne van oriëntasie van studente was min of meer gelyk en relatief hoog. Die groot meerderheid (80.0%) van die vaders van studente

het beroepe in die boonste beroepsgruppe beoefen, en dié van hulle wie se inkomste bekend is, het meer as driekwart 'n inkomste van R200 en meer per maand verdien. Die ouers van plaasstudente het oor die algemeen 'n laer opvoedkundige peil as die ouers van dorp- en stadstudente, maar as geheel is die opvoedkundige peil van die ouers van studente van 'n gemiddelde na 'n hoë standaard.

(c) Nie alleen blyk dit uit die gegewens oor die opvoedkundige peil, beroepe en inkomste dat die studente uit gesinne kom met 'n relatief hoë sosio-ekonomiese status nie, maar ook die studente self het in die evaluasie van die maatskaplike status van hulle gesinne van oriëntasie in die meerderheid van gevalle hulle gesinne as „middelklas" bestempel. Slegs 9.0% en 0.4% van die studente het hulle gesinne van oriëntasie as „werkernklas" en „arm" bestempel.

### Par. 3 Die Verspreiding van Beroepskeuses

(a) Volgens die studierigtings wat studente volg, blyk dit dat die oorgrote meerderheid se belangstelling in 'n sosiaal-tegniese of tegnies-natuurwetenskaplike rigting gaan. 'n Baie klein persentasie van die studente volg kultureel-ontwikkelende studierigtings. Die meerderheid van studente volg ook studierigtings wat direk relevant is

tot hulle toekomstige beroepe, soos onderwys en opvoeding, geneeskunde, teologie, ingenieurswese en landbou.

(b) Die beroepe wat deur die meerderheid van studente gekies is, is die volgende: onderwyser, natuurwetenskaplike tegniese vakman, geneesheer, predikant, ingenieur en boer. Al die beroepe deur studente gekies, val in die boonste beroepsgroepe. Byna die helfte van die studente kies maatskaplik georiënteerde beroepe, terwyl meer as 'n derde intrinsiek georiënteerde beroepe kies. Die minderheid van studente kies ekstrinsiek georiënteerde beroepe.

Par. 4 Oorwegings aangegee vir Beroepskeuses

(a) Dit is duidelik dat daar bepaalde oorwegings is wat die studente as baie belangrik beskou in die keuse van hulle beroepe. Vir meer as driekwart van die studente was dit baie belangrik dat hulle beplande beroepe hulle in die geleentheid sou stel om hulle potensialiteite, bevoegdhede of vermoëns te gebruik, terwyl meer as twee-derdes van hulle diens aan ander, medemens, volk en samelewing ook as 'n baie belangrike oorweging beskou het. Dit is opvallend dat, alhoewel die studente 'n taamlike realistiese konsepsie het van die status van hulle beplande beroepe en dié van hulle vaders, die inkomste en prestige

van hulle beplande beroepe, vir sover as hierdie twee aspekte geld as oorwegings, deur hulle as relatief onbelangrik beskou is. Daarenteen het 'n hoë persentasie van studente (63.3%) die sekuriteit wat hulle beplande beroepe hulle bied, as baie belangrik beskou. Gesien die feit dat studente nog nie aktief in die beroepsituasie betrokke is nie, en die status van student in die betrokke maatskaplike struktuur 'n besondere prestige geniet, is dit moontlik dat t.o.v. hulle beplande beroepe, oorwegings of aspirasies wat die verkryging van status behels, vir studente 'n minder belangrike plek inneem as oorwegings soos naastediens, selfrealisering, sekuriteit, ens.

(b) Indien die drie eerste keuses van oorwegings deur studente aangegee, bymekaargetel word, blyk dit dat die meerderheid van studente oorwegings wat te doen het met naastediens, selfrealisering en sekuriteit as van die grootste belang beskou in die keuse van hulle beroepe.

Par. 5 Persoonlike Beïnvloeding en die Beroepsidealé van die Ouers vir Studente

(a) Bykans die helfte van die studente (49.3%) het gesê dat hulle persoonlike beïnvloeding ondervind het in die keuse van hulle beroepe. Die oorgrote meerderheid van

hiérdie studente het beïnvloeding binne gesinsverband ondervind. Slegs 'n baie klein persentasie (13.7%) van die studente het gesê dat die beïnvloeding sterk was en die meerderheid van hiérdie studente het maatskaplik georiënteerde beroepe gekies.

(b) Meer as 'n derde van die ouers van studente het spesifieke beroepsidealé vir hulle kinders gehad. Meer vaders van plaas-studente het beroepsidealé vir hulle kinders gehad as vaders van dorp- en stad-studente. Die beroepsidealé van die vaders was in die meerderheid van gevalle ekstrinsiek georiënteerd, terwyl dié van die moeders maatskaplik georiënteerd was.

#### Par. 6 Die Universiteitsituasie en Beroepskeuses

(a) Daar is op gewys dat die tydstip waarop die individu om sy beroepskeuse gevra word van strategiese betekenis is, aangesien persone in die onderskeie stadia van hulle ontwikkeling verskil in die mate wat hulle bewus is van, en blootgestel is aan maatskaplike omstandighede relevant tot hulle beroepskeuses. Namate persone gekonfronteer word met die maatskaplike werklikheid, is hulle des te better in staat om reële omstandighede wat relevant is in die keuse van hulle beroepe, in ag te neem.

(b) In hierdie ondersoek is studente aan 'n universiteit in verband met hulle beroepskeuses ondervra. In hierdie verband is dit nodig om daarop te wys dat universiteite, meer nog, 'n bepaalde universiteit, selektief is in dié sin dat dit slegs persone trek wie se beroepskeuses universiteitsopleiding vereis; opleiding aan 'n bepaalde universiteit vereis. 'n Universiteit neem verder slegs studente wat voldoen aan die nodige toelatingsvereistes en wat oor die nodige finansiële middelle beskik.

(c) Die selektiewe aard van die studentegroep het ook duidelik geblyk uit die ontleding van die sosio-ekonomiese agtergrond van die betrokke studente. Nie alleen het die meerderheid van die beroepe van vaders van studente in die boonste beroepsgroepe gevval nie, maar hulle mediaan-inkomste per maand was soveel as R301.60. As in aanmerking geneem word dat die mediaan-inkomste vir blanke manspersone vir die hele Republiek in 1960 slegs R151.96 per maand was,<sup>1)</sup> is dit duidelik dat die studente oor die algemeen uit gesinne kom wat, relatief gesproke, in 'n ekonomies-bevoorregde posisie verkeer. Die eendersheid van omstandighede binne die gesins- en gemeenskapsverbande

1) Berekening gebaseer op: Steekproef-Tabulerings no. 4 - Inkomste; Bevolkingsensus 1960 - Buro vir Sensus en Statistiek.

van studente betrokke by hierdie ondersoek het ook geblyk in die klein verskille in verspreidings t.o.v. veranderlikes wat met die beroepskeuses vergelyk is.

(d) Studente aan die betrokke universiteit het almal reeds 'n definitiewe beroepskeuse gedoen; die keuses is gedoen met die inagneming van die relevante reëele omstandighede, en die beroepe wat die studente gekies het, was in die groot meerderheid van gevalle die beroepe wat hulle die graagste wou volg. Met die inagneming van die beroepsoorwegings wat deur studente genoem is, en ook hulle oordiele oor die maatskaplike status van hulle beplande beroepe, sou met geldigheid die afleiding gemaak kon word dat die studente oor die algemeen 'n duidelike beeld het van hulle toekomstige beroepsituasie.

(e) Dit is ook duidelik dat die oorgrote meerderheid van studente in die opleidingsituasie besig is om hulle beroepsideale te verwesenlik. Ten opsigte van studente wie se beplande beroepe verskil het van hulle beroepsideale, was die aanpassing by en die versoening met hulle reëele beroepskeuses van so 'n aard dat die verwesenliking van hulle oorspronklike beroepsideale vir hulle nie meer so belangrik was nie. Geeneen van laasgenoemde groep stu-

dente het gesê dat hulle gefrustreerd gevoel het omdat hulle nie hulle beroepsideale kon verwesenlik nie. In hierdie verband het die antisiperende sosialisering wat hiérdie studente in die opleidingsituasie ondervind het, heelwaarskynlik 'n belangrike rol gespeel. Die feit dat die oorgrote meerderheid van studente egter wel hulle beroepsideale kon verwesenlik, moet saam met dit wat in (b) hierbo gestel is, begryp word teen die agtergrond van die relatiewe oop beroepstruktuur in Suid-Afrika waarin die blanke begunstig word in terme van finansiële middelle, opleidingsfasiliteite en kompetisie. Die snelle industriële ontwikkeling en ekonomiese vooruitgang wat die afgelope aantal jare in Suid-Afrika plaasgevind het, het ook veroorsaak dat daar 'n groter aanvraag is na persone met universiteitsopleiding. Terselfdertyd het dit die verskeidenheid in beroepsheenkomes vergroot.

(f) Die voorafgaande suggereer die belang van 'n opvolgstudie waarin vasgestel sou kon word of studente uiteindelik hulle beroepsideale realiseer - d.w.s. die beroep beklee waarvoor hulle universiteitsopleiding 'n middel tot 'n ideaal was. Verder sou vasgestel kon word in hoeverre die konsepsies wat studente het van hulle toekomstige beroepsituasies ooreenstem met die werklike omstandighede

van daardie situasies.

Par. 7 Die Verband tussen Beroepskeuses en bepaalde Veranderlikes

- (a) In Hoofstuk III is verwys na verskeie studies waarin die samehang tussen die beroepskeuses van persone en verskillende maatskaplike omstandighede vasgestel is. Daar is ook op gewys dat 'n statisties beduidende samehang tussen beroepskeuses en maatskaplike omstandighede slegs vasgestel kan word indien daar t.o.v. hierdie omstandighede groot genoeg verskille bestaan by persone betrokke by so'n ondersoek sodat die nodige kategoriserings gedoen kan word.
- (b) In hierdie ondersoek is die volgende maatskaplike omstandighede wat in die statistiese berekenings as maatskaplike faktore gehanteer is, met die beroepskeuses van studente vergelyk: die beroepe en inkomste van die gesin van oriëntasie, die opvoedkundige peil van die ouers van studente, en die herkoms van studente. Daar is egter in min van die vergelykings van maatskaplike faktore met die beroepskeuses van studente statisties beduidende verbande gevind.
- (c) 'n Bevinding van die ondersoek was dat die opvoedkun-

dige peil van die ouers en die herkoms van studente nie statisties beduidend verband hou met die beroepskeuses van studente nie. Alhoewel die ouers van plaas-studente oor die algemeen 'n laer opvoedkundige peil gehad het as die ouers van dorp- en stad-studente, was die patroon van beroepskeuses vir studente wat van hierdie drie gebiede gekom het, grootliks dieselfde. 'n Mens sou kon verwag dat, as gevolg van die veronderstelde verskille tussen landelike en stedelike gebiede, studente wat van plase afkomstig is, 'n ander patroon van beroepskeuses sou manifesteer as dorp- en stad-studente. Dit was egter nie die geval nie. Die bevinding dat die patroon van beroepskeuses van plaas-studente grootliks ooreenstem met dié van dorp- en stad-studente kan moontlik toegeskryf word aan die funksie wat die skool verrig as sosialiseringsagent. Deur die beroepsvoortetting wat die kind op skool geniet, word hy bekend gestel met die verskillende moontlikhede van beroepsheenkome. Daarby moet ook in gedagte gehou word dat die beperktheid van beroepsheenkome op plaasgebiede jongmense dwing om elders 'n beroepsheenkome te vind.

(d) Ten opsigte van die beroep en inkomste van die gesinne van oriëntasie van studente, was die konsentrasie van verspreiding in die verskillende kategorieë té beperk

om enige betekenisvolle vergelykings met die beroepskeuses van studente te maak. Soos geblyk het uit Paragraaf 2, was die gesinne van oriëntasie van studente t.o.v. beroepstatus en inkomste relatief homogeen.

(e) Maatskaplike faktore wat meer kwalitatief van aard was, soos bv. die ouerlike invloed wat die student ondervind het in die keuse van sy beroep, het wel betekenisvol verband gehou met die beroepskeuses van studente. Die invloed van die ouers op die beroepskeuses van hulle kinders word nie soseer opgemerk in die spesifieke keuseberoep van die student nie, as wat dit die geval was t.o.v. die oriëntasie van studente tot beroepe in die algemeen. In 'n groot mate is die student vry om sonder voorskrywing of immenging aan die kant van die ouers sy toekomstige beroep te kies, maar nietemin blyk dit, dat 'n beduidende persentasie van studente beroepe kies met dieselfde oriëntasie as die beroepe wat hulle ouers graag sou wou hê dat hulle moet volg. In dié sin sou dit korrek wees om die afleiding te maak dat die ingesteldheid en houdings van die gesin van oriëntasie 'n definitiewe rol speel in die beroepskeuses van studente. Dit geld vir sover as wat die beroepsoriëntasie van die student deel vorm van sy oriëntasie tot die maatskaplike werklikheid in die alge-

meen, en ook vir sover as wat die ontwikkeling van hierdie oriëntasie by 'n persoon 'n funksie is van die sosialisering in die gesin.

(f) Naas die vasstelling van die samehang tussen beroepskeuses van studente en sekere eksistensiële maatskaplike gegewens, is ook aandag geskenk aan die redes waarom studente beroepe kies. Die motiverings tot die keuse van en die verwagtings gekoppel aan sekere beroepe, gee 'n vollediger insig in die proses van beroepskeuses as slegs die ontleding van sekere maatskaplike veranderings wat relevant kan wees in hierdie proses. Dit het geblyk dat studente bepaalde oorwegings het wat hulle as die belangrikste redes beskou waarom hulle sekere beroepe gekies het. Studente wat bv. maatskaplik georiënteerde beroepe soos onderwyser, geneesheer en predikant gekies het, het naastediens as die belangrikste oorweging vir hulle beroepskeuse genoem, terwyl studente wat intrinsiek georiënteerde beroepe, soos ingenieur, boer en natuurwetenskaplike tegniese vakman gekies het, kreatiwiteit en die feit dat hulle in die natuur of buitelug kon werk as belangrikste oorwegings genoem het. Studente wat ekstrinsiek georiënteerde beroepe soos beroepe in die handel gekies het, het sekuriteit as die belangrikste oorweging vir hul

beroepskeuse beskou. Dit is dus duidelik dat die oorwegings wat studente noem vir hulle beroepskeuses saamhang met die verwagtings t.o.v. die bevredigings wat studente van hulle beplande beroepe koester.

---

TEGNIESE NOTA : Opmerkings oor Prosedures en Tegnieke  
gebruik in die Ondersoek

- (a) Dit is van belang dat in 'n ondersoek na die beroepskeuses van persone die samestelling van die monstergroep van so 'n aard sal wees dat die verspreidings in die kategoriserings van die verskillende veranderlikes groot genoeg sal wees sodat statisties betekenisvolle vergelykings tussen hierdie veranderlikes en die beroepskeuses van persone gemaak kan word. 'n Studie oor die beroepskeuses van bv. skoolkinders, wie se gesinne van oriëntasie uit die aard van die saak groter variasie in opvoedkundige peil, beroepe en inkomste sou vertoon, sou heelwaarskynlik 'n meer diverse patroon van beroepskeuses laat blyk het as wat in hierdie ondersoek vasgestel is.
- (b) Die kategoriserings van beroepe moet van so 'n aard wees dat dit die ondersoeker in staat stel om 'n wyer en meer vergelykende interpretasie van die verspreidings van beroepskeuses te maak as wat slegs blyk uit die bevindings van die ondersoek self. 'n Belangrike struikelblok in dié verband is dat daar nie 'n volledige en beproefde skaal of kriterium vir die klassifikasie van beroepe vir blankes in Suid-Afrika in terme van status beskikbaar is nie. Gevolglik moet gebruik gemaak word van kategorise-

rings wat slegs 'n beperkte mate van geldigheid het vir sover as wat hulle as kriterium vir die aanduiding van die status van beroepe kan dien.

(c) Soos in Hoofstuk IV gestel, moet by die opstel van 'n lys van oorwegings om vas te stel waarom persone beroepe kies, gesorg word dat die oorwegings op dieselfde logiese analitiese vlak geformuleer is. Oorwegings wat 'n element van kompromittering, verpligting of verleentheid bevat, moet vermy word. Verder moet onderskei word tussen oorwegings wat verband hou met die verwagtings gekoppel aan die inhoudelike aard van bepaalde beroepe en oorwegings wat sou kon geld in die keuse van enige beroep; asook tussen oorwegings wat verband hou met die keusesituasie en oorwegings wat verband hou met die uiteindelike beroepsituasie.

---

BIBLIOGRAFIE

Arnoldi, J.: The Vocational Choices, Interests and Aptitudes of Secondary School Boys with special reference to the Consistency of these Factors, Ongepubliseerde D.Ed.-skripsi, Universiteit van Pretoria, 1956.

Burchinal, L.G.: "Differences in Educational and Occupational Attainment of Farm, Small Town and City Boys", Rural Sociology, Vol. 26, 1961.

Calitz, C.P.: Die Bestudering van Bepaalde Karaktereion-skappe i.v.m. Sekere Profesies, Ongepubliseerde D.Ed.-skripsi, Universiteit van Potchefstroom, 1959.

Catton, W.R.: "A Theory of Value", American Journal of Sociology, Vol. 24, 1959.

Cilliers, S.P.: "Arbeidsbehoefte van die Landboubedryf in Wes-Kaapland", Referaat gelewer te Stellenbosch voor die Landbou Wetenskaplike Vereniging op 7 Mei 1963.

Crause, H.L.: 'n Sosiologiese Studie van Jeugarbeiders van Landelike Oorsprong in Johannesburg, Ongepubliseerde M.A.-skripsi, Universiteit van O.V.S., 1949.

Empsey, La Mar, T.: "Social Class and Occupational Aspiration: A Comparison of Relative and Absolute Measurements", American Journal of Sociology, Vol. 24, 1956.

Ginzberg, Eli: Occupational Choice, N.Y. Columbia University Press, 1956.

Grigg, C.M.: "Community of Orientation of Ninth Grade Students", Social Forces, Vol. 38, 1960.

Gross, E.: "The Occupational Variable as Research Category", American Sociological Review, Vol. 24, 1959.

Haller, A.O.: "Farm Residence and Levels of Educational and Occupational Choice", American Journal of Sociology, Vol. 62, 1957.

Joubert, D.D.: Die Waardekonsep in die Sosiologiese Teorie, Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1964.

Katz, F.E.: "Career Choice Processes", Social Forces, Vol. 41, 1962.

Kluckhohn, C.: "Values and Value Orientations in the Theory of Action", Parsons & Shils (Eds.): Toward a General Theory of Action, Harvard University Press, Cambridge, Mass., 1954.

Kohn, N.: "Some Motives for Entering Dentistry", American Journal of Sociology, Vol. 66, 1960.

Labuschagne, C.E.G.: Persoonlikheids- en Motiveringsver-skille tussen Goeie en Swak Ambagslui, Ongepubliseerde M.A.-skripsië, Universiteit van Pretoria, 1961.

Lipsett, S.M.: "Social Mobility and Urbanization", Rural Sociology, Vol. 20, 1955.

Loubser, J.J.: Beroepsheenkome en Beroepsverwagting: 'n Ondersoek onder Kleurlinge met 'n Hoë Opvoedkundige Status, Ongepubliseerde M.A.-skripsië, Universiteit van Stellenbosch, 1958.

Merton, R.K.: Social Structure and Social Theory, The Free Press, Glencoe, Ill., 1956.

Merton, Broom and Cottrell: Sociology Today, Basic Books Inc. Publishers, N.Y., 1959.

Middleton, R.M.: "Rural-Urban Differences in Aspiration", Rural Sociology, Vol. 24, 1961.

Parsons, T. en Shils, E.A.: "Values, Motives and Systems of Action", Parsons & Shils (Eds.): Toward a General Theory of Action, Harvard University Press, Cambridge, Mass., 1954.

Parsons, T.: The Social System, The Free Press, Glencoe, Ill., 1951.

Payne, R.: "Development of Occupational and Migration Expectations among Rural, Small Town and Urban Adolescent Boys", Rural Sociology, Vol. 21, 1956.

Post, R.G.: Beroepsaanpassing van Skoolverlaters van Sekere Hoërskole in Pretoria, Ongepubliseerde M.A.-skripsië, Universiteit van Pretoria, 1952.

Roggof, N.: Recent Trends in Occupational Mobility, The Free Press, Glencoe, Ill., 1953.

Rosenberg, M.: Occupations and Values, The Free Press, Glencoe, Ill., 1957.

Rossouw, D.F.: Faktore wat Beroepskeuse Beïnvloed, Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1940.

Schwarzeller, H.K.: "Values and Occupational Choice", Social Forces, Vol. 39, 1960.

Simpson, R.L.: "Values, Personal Influence and Occupational Choice", Social Forces, Vol. 39, 1960.

Smelser, N.J.: Theory of Collective Behaviour, N.Y., The Free Press of Glencoe, 1963.

Turner, R.H.: "Some Family Determinants of Social Ambition", Sociology and Social Research, Vol. 46, 1962.

Wilson, A.B.: "Residential Segregation of Social Classes and Aspirations of High School Boys", American Journal of Sociology, Vol. 24, 1959.

Youmans, E.G.: "Factors in Educational Attainment", Rural Sociology, Vol. 24, 1961.

-----

BYLAAG A

VRAELEYS - STRENG KONFIDENSIEEL

1. Registrasienommer:
2. Kodenommer:
3. Kursus:
4. Aantal jare op universiteit/e

---

5. Watter beroep is u van plan om te gaan beoefen?
6. Bied die kursus wat u tans volg u direk toegang tot die beroep wat u van plan is om te volg?
7. Indien nie, waarom volg u dan hierdie kursus?

---

8. Is die beroep wat u van plan is om te beoefen, die een wat u werklik die graagste sou wou beoefen?
9. Indien nie, wat is die beroep wat u die graagste sou wou beoefen?
10. Wat is die belangrikste rede waarom u nie word wat u werklik graag wil nie?
11. Voel u soms/dikwels gefrustreerd omdat u nie hierdie ideaal kan verwesenlik nie?

---

12. Waar was u tuis tydens u hoëskooljare?  
(Plaas/dorp/stad/provinsie)
13. Waar het u u hoëskoolopleiding ontvang?
14. Hoeveel broers en susters is daar in u gesin?
15. Hoe oud is u?
16. Waar het u grootgeword?                   (Plaas/dorp/stad/land)
17. Wat is u kindsposisie in u gesin?

18. Wat is u huistaal?
19. Wat is die huidige of laaste beroep van u vader?
20. Was hierdie beroep ook u vader se beroepsideaal?
21. Wat is die huidige of laaste beroep van u moeder?
22. Hoever het u vader geleer?
23. Hoever het u moeder geleer?
24. Hoeveel sou u, min of meer, sê is die inkomste van u vader per maand of jaar?

---
25. In watter een van die volgende groepe sou u u gesin plaas?  
Welgesteld / Middelklas / Werkersklas / Arm
26. In vergelyking met die beroep van u vader, dink u dat u eie beroep 'n baie hoër / hoër / ± dieselfde / laer status het?

---
27. Afgesien van u eie beslissing, wie (van die volgende persone) het die meeste invloed op u uitgeoefen in die keuse van u beroep?  
Vader  
Moeder  
Owers  
Familielede anders as ouers  
Onderwysers  
Skoolvriende  
Beroepsvoorligters op skool  
Universiteitsdosente  
Vriende (universiteit)  
Beroepsvoorligters op universiteit  
Ander (noem)
28. Hoe sterk was die beïnvloeding wat u ondergaan het?  
Baie sterk / Sterk / Nie so sterk nie / Min
29. Wat was u vader se beroepsideaal vir u?
30. Wat was u moeder se beroepsideaal vir u?

---

31. Hier volg 'n lys van moontlike oorwegings wat belangrik kan wees by die keuse van 'n beroep. Lees die lys deur en besluit welke van hierdie oorwegings in u keuse van 'n beroep belangrik was. Doen dit deur by elke oorwegining 'n kring te trek rondom een van die 3 letters:

B indien die oorwegining vir u baie belangrik was;

M indien die oorwegining vir u minder belangrik was;

G indien die oorwegining vir u gladnie belangrik was nie.

Voeg nou by die lys ander, indien enige, oorwegings wat in u geval baie belangrik was, maar nie op die lys verskyn nie.

1. Dit stel my in die geleentheid om 'n avontuurlike lewe te lei.      B    M    G
2. Dit stel my in die geleentheid om prestige/status/aansien/agting te bekom.      B    M    G
3. Dit stel my in die geleentheid om my potensialiteite/bevoegdhede/vermoëns te gebruik.      B    M    G
4. Dit stel my in staat om die resultate van my arbeid te sien.      B    M    G
5. Dit stel my in die geleentheid om 'n hoë inkomste/geld te verdien.      B    M    G
6. Dit stel my in die geleentheid om skeppend/oorspronklik/produktief te werk.      B    M    G
7. Dit stel my in die geleentheid om van diens tot ander/medemens/volk/samelewing te wees.      B    M    G
8. Dit was van kleinsaf my begeerte.      B    M    G
9. Dit stel my in die geleentheid om vooruit te gaan/vinnig bevorder te word/posisie te kry.      B    M    G
10. My vader/ouers het dit verwag.      B    M    G

11. Dit stel my in die geleentheid om in die natuur/buitelug te werk. Met diere/plante ens. te werk.	B   M   G		
12. Dit stel my in die geleentheid om met mense eerder as met "dinge" te werk.	B   M   G		
13. Dit verseker 'n veilige/bestendige toekoms/lewe. Dit gee sekuriteit.	B   M   G		
14. Dit stel my in staat om met tegniese apparaat/toerusting en masjiene te werk.	B   M   G		
15. Dit stel my in staat om leiding te neem.	B   M   G		
16. Ek voel my daartoe deur God geroepe.	B   M   G		
17. Ek het nie geld om iets anders te word nie.	B   M   G		
18. Dit stel my in die geleentheid om met my verstand/intellek te werk.	B   M   G		
19. Dit stel my in die geleentheid om vry van die toesig/beheer/gesag van ander te wees.	B   M   G		
20. Ander oorwegings (spesifiseer)			

32. Kyk nou weer na die oorwegings wat u met 'n B gemerk het en nommer hulle in volgorde van belangrikheid.
33. U het gesê dat u graagste ..... sou wou word. Wat is die belangrikste oorweging vir hierdie keuse? (U mag van bostaande lys gebruik maak as u wil):

BYLAAG B

VOORBEELDE VAN BEROEPE WAT IN  
DIE VERSKILLEnde BEROEPSGROEPE VAL

Administratief en Onafhanklik Professioneel

Rekenmeester  
Argitek  
Prokureur  
Ingenieur  
Geneesheer  
Besturende Direkteur  
Regter  
Professor

Afhanklik Professioneel en Onafhanklik Kommersieel

Agentskap Bestuurder  
Apteker  
Bankbestuurder  
Predikant  
Boer  
Natuurwetenskaplike tegniese vakman  
Skoolhoof  
Maatskaplike werker  
Onderwyser  
Veearts

Afhanklik Kommersieel

Klerk  
Agent  
Haarkapper  
Boekhouer  
Kassier  
Verkoopsman  
Poskantoorwerker  
Telefoniste

Geskoolde Hande-arbeider

Grofsmid  
Bouer  
Vakman (enige soort)

Hoofsaaklik Hande-arbeider maar met Spesiale Verantwoordelikhede

Businspekteur  
Konstabel  
Speurder  
Masjinis  
Brandweerman  
Verpleër  
Polisiesersant  
Verkeerskonstabel

Semi-geskoolde Hande-arbeider

Vakleerling  
Skoenmaker  
Bouers assistent  
Kelner  
Opsigter  
Chauffeur  
Buskondukteur  
Huurmotorbestuurder

Ongeskoolde Hande-arbeider

Joggie  
Plaasarbeider  
Padmaker  
Houtkapper  
Gewone werksman (ongespesifieerd)

---